# *WAAROM?*

. . . net 'n oomblik vir gebed. Kom ons buig ons hoofde. Elkeen wat 'n versoek het, laat dit bekend word deur jou hand op te steek na God. Hou nou jou versoek op jou hart, terwyl ons bid.

2 Genadigste en Heilige God, ons kom nou in U Goddelike Teenwoordigheid in, deur gebed, deur eers te vra dat U ons ons oortredinge vergewe, soos ons hulle vergewe wat teen ons oortree het.

3 En daar is baie versoeke vanaand, Vader. U sien hulle hande, en U ken die begeerte van hulle harte en wat daarin is. Ek sou vra saam met, met my hand ook op, dat U ons die begeerte van ons hart sal gee, en veral die genesing van ons liggame, en die vreugde van ons verlossing om aan ons herstel te word in sulke veelvuldige seëninge van God wat ons begeer. Mag dit oor ons kom, Here.

4 En ons bid dat U die predikers oral sal seën, regoor die nasie en die wêreld. Môre wat die sabbat is, en daar sal kerke wees en die deure oop, en die mense wat kom en gaan, en die predikers wat preek en bid vir die siekes, O God, ons bid dat U elkeen van U diensknegte môre sal salf met groot boodskappe, en hulle gebede vir die siekes en die behoeftiges sal verhoor. Red die verlorenes, ontvang die eer vir Uself, want ons vra dit, in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

5 Mag maar sit. Dis so 'n voorreg om terug te wees by die tabernakel, vanaand, om voort te gaan op die tweede aand, of, hierdie—hierdie, die derde aand van ons byeenkoms. En ons is jammer dat ons nie die voldoende sitplek het om te sorg vir daardie mense wat vir ure staan nie, ons weet hulle ledemate pyn. Maar ek bid wel met my hele hart, dat die God van die Hemel jou sal beloon daarvoor in julle . . . en julle wat staan en wag soos julle wag, en baie van julle wat hier siek en behoeftig sit.

6 Nou, ek het net vir Billy Paul gevra, my seun, en, of Gene, of enige van hulle, of hy self weer gebedskaarttjies uitgee het, en hy het gesê hulle het nie, want ons verwag, onmiddellik na die diens vanaand, 'n doopdiens. Onder in die kelder, glo ek, is waar die bad is.

7 Ek onthou die laaste keer wat ek hier was en hulle 'n doopdiens gehad het, ek dink, het hulle my in Broer Lyle se oorpak ingeglip. Hy's 'n bietjie langer as ek, so ek moes hulle oprol aan die onderkant, en hulle het my onder in hierdie bad gesit, en die water te warm gemaak, dat dit my amper verbrand het. Maar ek het dit gedoen wat ek gedink het reg was en alles gedoop wat ek geweet het ek kon doop.

8 Nou, môre, ek het pas by Broer Moore uitgevind dat ek môre-oggend na Sondagskool moet praat, net na die Sondagskooldiens.

9 Nou, julle hier wat kerke het waarnatoe julle gaan, ons wil nie hê julle moet julle eie diens mis nie, bly op julle pos. Altyd, wanneer jou kerk dienste het, wel, en jy is hier plaaslik, wel, is dit jou plek om by jou kerk te bly. Sien? En as julle geen kerk het nie, en graag wil kom, wel, waardeer ons dit.

10 En dan wanneer ons vir die siekes bid, en as julle geliefdes het, glo ek, as julle net vir Pastoor sou sê: "Sal dit reg wees vir my om Mamma, Seuntjie, of iemand soontoe te neem om voor gebid te word?" Ek is seker hy sou sê: "Dis alles reg," jy sien, as jy kom dat daar vir iemand gebid kan word.

11 Maar as julle dit net sou glo, julle pastoor het dieselfde gesag om vir die siekes te bid as wat ek het, sien, of enigiemand anders. Jy hoef nie na 'n spesiale diens toe te gaan om genees te word nie, jy hoef nie eens voor gebid te word nie, jy Hom net ontvang, dis al wat nodig is.

12 Gisteraand het die Heilige Gees iets spesiaals gedoen, ons het nie enige gebedskaartjies gehad nie, so Hy het net uitgegaan deur die gebou. Was dit nie 'n wonderlike ding hoedat Hy dit gedoen het nie?

13 En julle sien, Goddelike genesing lê nie in 'n mens, in elk geval nie, sien, dis in 'n voltooide werk, jou geloof in 'n voltooide werk. En 'n gawe van genesing is bloot 'n gawe van geloof *vir* genesing. Sien? Nou, 'n gawe van genesing hoef nie te wees, selfs 'n pastoor te wees nie, dit kan 'n—'n lekelidmaat wees, die lekedom kan dieselfde ding hê.

14 Sien, ek onthou eenkeer by Meridian, Mississippi, dink ek was dit, ek 'n diens gehou het, en dit het gereën. Ek was daar saam met 'n man met die naam van Broer, hy was een van die medewerker predikers, of hy was een wat dit geborg het deur hierdie ander kerke, lyk vir my asof sy naam óf Bigsbee was, óf Busbee, of so-iets, onder in Mississippi. ['n Broer sê: "Busbee."—Red.] Busbee, dis waarskynlik wie dit was, 'n sokkerspeler, voormalige, ja.

15 En dit was in 'n ouditorium, en daar het 'n getuienis gekom wat verstommend was, en die getuienis was dat . . . Ek het Billy afgestuur om gebedskaartjies uit te gee sodat hulle nie soos 'n arena sou hê nie, dis 'n—dis 'n kerk. Hoewel dit 'n ouditorium was, maar ons, dit is steeds kerk solank die Kerk daar vergader. Dat waar dit ook al is wat . . . Die mense is die Kerk, die uitgeroeptes.

16 En die getuienis het later ingekom, dat daar 'n dametjie op die voorste sitplek gesit het, net 'n gewone, klein, kerkmeisie, daardie, moedertjie, en daar was 'n ander dame wat heen-en-weer geloop het met 'n baba, en die baba was toegedraai in 'n

kombers, en dit het gereën. Die dametjie kon geen plek kry om te sit nie, dit was net propvol en in die strate ingeprop, en die mense wat met sambrele gestaan het.

17 En so, hierdie dametjie wat daar sit, die Heilige Gees het met haar gepraat, net 'n klein lidmaatjie van die Liggaam van Christus, en sy het gesê die Heilige Gees het vir haar gesê: "Gaan, bid vir daardie baba." En toe die dame omgedraai het, het sy 'n gebedskaartjie in haar hand gehou.

18 "O," het sy gesê: "Vader, ek—ek kan nie vir daardie baba gaan bid nie, Broer Branham sal vir daardie baba bid vanaand," asof dit enigiets daarmee te doen gehad het, maar sy het gesê: "Ek—ek kan net nie vir daardie baba bid nie."

19 En soos sy heen-en-weer geloop het, het dit net meer en meer op haar hart bly kom: "Gaan bid vir daardie baba!"

20 En, uiteindelik, het sy gesê: "Miskien, miskien, om dit van my hart af te kry, kan ek net vir die dame my sitplek gee, in elk geval, want sy lyk asof sy uitgeput is."

21 En gesê dat sy gesê het: "Aangename kennis, Suster?" Gesê: "Jy—jy lyk so vermoeid met die baba, en ek—ek is nie, het nie my baba nie, so sal jy net my sitplek vat en hier gaan sit nie?"

En sy het gesê: "O, dankie, Suster, ek wil nie jou sitplek vat nie."

22 Sy het gesê: "Ja, jy moet dit doen, want ek—ek sien dat jy moeg en uitgeput is." Wel, sy het gaan sit. Sy het gesê: "Net voor jy gaan sit," gesê: "ek let op dat jy 'n gebedskaartjie in jou hand het."

Gesê: "Ja, die jongman het dit vir my gegee 'n paar oomblikke gelede, soos hy by die deur uitgegaan het."

En gesê: "Wel, Broer Branham gaan vir jou baba bid, vanaand."

Sy het gesê: "Ek hoop so. Ek hoop my nommer word vanaand geroep."

23 En sy het gesê: "O, ek—ek sal bid dat Broer Branham jou nommer sal roep, vanaand." En toe het sy gesê: "As ek, as 'n Christen, kan ek dit net nie van my hart af kry nie, so as jy my net sal verskoon, sou, sou dit my gevoelens verlig as jy my net 'n gebedjie vir jou babatjie sou laat sê."

"Wel," het sy gesê: "Sekerlik, skat, gaan voort, bid vir die baba."

24 En sy het dit uitgehou en die moedertjie het haar hande in trane op die babatjie gelê, en gesê: "Here, ek—ek—ek doen dit, om dit van my hart af te kry. Ek bid dat U die baba sal genees wanneer U dienskneg, Broer Branham, kom en daarvoor bid, laat dit genees word."

25 En sy het gaan sit, die ander dame met die baba, en hierdie dame gaan en klim ver bo op in die gallery, ek glo dit het twee gallerye gehad, en sy was op die boonste gallery.

26 Dat ek omtrent vyf minute daarna ingekom het, en nadat ek klaar gepreek het, het ek gesê: "Ek sal gebedskaartjie nommer vyf-en-twintig tot vyftig roep," of so-iets.

27 Julle weet hoe ek gewoonlik maak, begin êrens, waar die kaartjies deurmekaar is en net 'n groep uitroep sodat die mense nie saamdrom: "Ek het nommer een," of: "nommer twee," of wat dit ook al is, nie.

28 En toevallig was hierdie dame omtrent die derde of vierde een in die ry. Wel, die moedertjie bo in die gebou, julle weet, bo in die bokant, sy was so bly, sy het gesê: "O, dankie, Here. O, ek's so bly vir daardie moedertjie, wat *so* op my hart was, vir daardie arme klein, siek babatjie."

29 Toe die babatjie in die gebedsry kom, naby kom aan waar ons gestaan het, waar ek gestaan het, het ek na haar gekyk, nou, ons het dit op die bandopname, julle weet, en gesê: dis hoe ek dit gevang het, en Dit het gesê: "Suster," gesê: "jou baba ly— ly aan," ek vergeet wat dit was, een of ander soort siekte, of probleem. Gesê: "Jy kom van 'n sekere plek af, en jy is *So-en-so*, Mev. *Sogenaamd*," en gesê: "maar jou baba is alreeds genees." Gesê: "Omdat die Heilige Gees gepraat het met daardie dametjie wat daarbo in die balkon gestaan het, sy het alreeds die gebed van geloof vir jou baba gebid." Sien?

30 Die deernis van daardie moeder vir die baba sou baie verder gestrek het as wat ek daarvoor sou hê, julle sien. So die gawe van genesing, as God ooit met jou hart praat om vir iemand te gaan bid, doen wat God vir jou sê om te doen, sien. Sien? Volg altyd die Heilige Gees.

31 Gisteraand, gepraat . . . Ons glo dat ons in die laaste dae lewe. Julle glo dit, nie waar nie? Net voor die koms van die Here Jesus. En dan hoedat God in die begin, toe Jesus op aarde gekom het, Hy gesê het: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie, maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan die werke." As julle Hom nie as 'n Man kon glo nie, wel, glo die werke wat die Man volg.

32 En ons het gisteraand uitgevind toe ons gepraat het, dat God Homself eers in 'n Vuurkolom geopenbaar het, toe het Hy Homself in Sy Seun geopenbaar, nou openbaar Hy Homself in die Kerk. Sien? Dieselfde God, Vader, Seun, Heilige Gees, sien, in die Kerk. Goed. God bokant ons, God met ons, God in ons, is wat dit is.

33 Nou, dan vind ons uit dat, toe Jesus op aarde was, Hy gesê het: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." Dis reg. Wel, toe Hy gesterf het, begrawe is, opgestaan, en opgevaar het na Bo, ons besef dat God, dat die Logos, of die Vuurkolom wat die

kinders van Israel gevolg het deur die woestyn, Dit Christus was, Dit die Salwing was.

34 Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Ek hou van daardie Woord, *EK IS*, nie waar nie? Nie: "Ek was," of: "Ek sal wees" nie. "EK IS." As jy sê die dae van wonderwerke is verby, laat jy Hom sê: "Ek was," maar Hy het dit nie gesê nie. "EK IS. Voor Abraham was, IS EK."

35 Nou, ons vind toe uit dat toe Hy, na Sy opstanding en hemelvaart, Hy teruggekeer het na God wat Hy was, wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, en Hy weer 'n Vuurkolom was.

36 Paulus, op sy pad af na Damaskus, is hy neergefel deur 'n Lig, en nie een van die res van hulle het daardie Lig gesien nie, maar Paulus het Dit gesien. En toe hy neergefel is, het hy 'n Stem hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

En hy het gesê: "Wie is U, Here?"

Hy het gesê: "Ek is Jesus." Hy het van God af gekom, en Hy het na God toe gegaan.

37 Ons vind uit dat, in hierdie laaste dag, die Heilige Gees teruggekom het in die Pinksterbeweging, ons het Sy foto, dieselfde Vuurkolom. Nou, daardie selfde Vuurkolom wat toe was, wat gemanifesteer is in menslike vlees, en, 'n Messiaanse teken vir die mense gewys het. Nou, ons weet dat die Messias soos ons bestudeer het, die teken van die Messias, Hy die God-Profeet was.

38 Dis waarna alle ware Israeliete gesoek het, was 'n profeet, omdat God gesê het: "As daar een onder julle is, wat geestelik is of 'n profeet, sal Ek, die Here, Myself aan hom bekend maak, en as wat hy sê, gebeur, luister na hom, Ek's met hom; indien nie, moet dan nie na hom luister nie."

39 En Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is." En ons vind uit dat toe Jesus gekom het, dat Hy die teken van die profeet gedoen het voor 'n man met die naam, laat ons sê, Simon Petrus. Sy naam was toe Simon, en Hy het gesê: sodra hy na Hom toe geloop het, het Hy gesê: "Jou naam is Simon, jy sal Petrus genoem word; jou vader was Jona." O, dit was volmaak daardie Profeet!

40 En Natánael het dit gesien, en, of, Filippus het dit gesien, het vir Natánael gesê, "Kom, kyk Wie ons gesien het, of, Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die seun van Josef."

En hy het gesê: "Kan daar enigiets goeds kom. . .?"

Hy het gesê: "Kom, vind uit."

41 Sonder twyfel het hy hom die storie daarvan vertel soos hy soontoe gegaan het. Dan was Natánael 'n stoere Hebreër en 'n gelowige, sodra hy in die gebedsry ingestap het, of die gehoor

waar dit ook al was, wel, vind ons uit dat Jesus gesê het: “Daar is nou waarlik ’n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!”

Hy het gesê: “Rabbi, wanneer het U my geken?”

Gesê: “Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien.”

Dit het dit gedoen, hy het gesê: “Rabbi, U is die Seun van God, die Koning van Israel.”

42 Nou, daar’s drie rasse mense op aarde, as julle die Bybel glo, is daar net drie rasse, Gam, Sem, en Jafet se mense; Jood, Heiden, en Samaritaan. Petrus het met die sleutels by Pinkster dit oopgemaak vir die Jode; Filippus het afgegaan en gepreek en hulle gedoop onder in Samaria, maar Petrus het afgekom, hande op hulle gelê, hulle het die Heilige Gees ontvang; en die huis van Cornelius, Hy het die sleutels gehad wat dit oopgemaak het vir hierdie drie mense.

43 Nou, daar was twee rasse mense wat gesoek het na ’n Messias wat sou kom, die Samaritaan en die Jood. Hy kom net na hulle toe wat na Hom soek. Is dit reg? “Son van geregtigheid,” diegene wat na hom soek: “sal verskyn in die—in die eindtyd, genesing onder sy vleuels.”

44 Nou let op, nou, toe Hy Homself bekendgemaak het aan die Jode deur Sy Messiaanse teken. . .Hy moes by Samaria verbygaan, Hy het behoefte gehad, al was Hy op pad na Jérigo. En die vrou het uitgekom, ons ken die storie, hoe Hy eerste met haar gees kontak gemaak en met haar begin praat, en gesê het: “Bring vir My water om te drink.”

En die gesprek, daar was segregasie, sy het gesê: “Dis nie gebruiklik nie.”

En naderhand het Hy gevind wat haar probleem was, Hy het gesê: “Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe.”

Sy het gesê: “Ek het nie ’n man nie.”

45 Hy. . .sy het gesê: “Jy het reg gesê,” Hy het dit vir haar gesê: “want jy het vyf mans gehad, die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie, so jy het goed gevaar.”

Sy het gesê: “Meneer. . . ”

46 Kyk na die verskil tussen haar en daardie priesters, rabbi’s, hulle het gesê: “Hy’s Beëlsebub,” toe Hy dit gedoen het. En hulle het gesê. . .

Hy het gesê: “Dis onvergeeflik.” Om die Gees van God ’n onrein ding te noem, dis godslastering. Sien?

47 Maar hierdie vrou het meer van die bediening geweet as wat baie predikers vandag weet. Dis. . .Hoewel ons dink sy was ’n hoer, maar sy het gesê: “Meneer, ek sien dat U ’n Profeet is. Ons weet dat wanneer die Messias kom, Hy hierdie dinge sal wys.” Sy is geleer, sy het geweet waarna sy soek.

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

48 Hierop het sy haar waterpot gelos en in die stad ingehardloop, en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie? Is dit nie wat die Messias veronderstel is om te doen nie?"

49 "Ja." En die mans het Jesus geglo as gevolg van wat die vrou gesê het dat Jesus die Messias was, omdat Hy die Messiaanse teken gewys het.

50 Nou, nie een keer in die Skrifte het Hy dit ooit vir die Heidene gedoen nie, nee. Maar Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Noag, wat geëet, gedrink, getrou, en uitgegee is in die huwelik, en in die dae van Lot." Nou, ons het dit geneem. . . Let op, in die dae van Lot was daar drie klasse mense. Daar is altyd drie klasse, alles is in 'n drie-eenheid, en drie-eenheid deur een.

51 Let op, daar was, in die dae van Lot was daar die ongelowige, die Sodomiete; daar was Lot, die louwarm kerk, en sy familie; daar was Abraham, die uitgeroepte, wat buite in die woestyn gesit het uit eie keuse. Nie omdat hy moes nie, maar uit eie keuse het hy die weg gekies saam met die Here se paar veragtes.

52 Toe die Engele afgekom en met hom gepraat het, was hulle. . . Ek glo dit was 'n Teofanie, ek glo regtig, want Dit was God. Twee van hulle, 'n moderne Billy Graham, ensovoorts, het afgegaan in Sodom, en vir die Sodomiete en vir die louwarm kerk gepreek. En hulle het nooit enige wonderwerke gedoen nie, hulle net verblind. En die verkondiging van die Evangelie verblind die ongelowige, ons weet dit. Die verkondiging van die Woord verblind hom wat nie glo nie.

53 Maar kyk na die teken wat hierdie Engel daarbuite vir die uitverkore Kerk gedoen het, Hy het Sy rug gedraai gehad na die tent, en was 'n Vreemdeling, en Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou, Sara?" Dit reg? Vir hom gesê hy is getroud, en sy vrou se naam was Sara, 'n Vreemdeling.

54 En kyk, die Bybel sê spesifiek: "Sy is in die tent agter U," agter die Man. God gemanifesteer in vlees, was hierdie Man. Abraham het Hom Elohim genoem, die Almagtige. Sien wat Hy in die laaste dae gaan doen? "In die tent agter U." Watter soort gedagtelees of verstandstelepatie is dit?

55 En Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek." Nou onthou *Ek*, *Ek* was God wat die belofte gemaak het, hierdie selfde Man het gesê: "Ek." En *Ek* is 'n persoonlike voornaamwoord. Goed. "Ek sal jou besoek volgens die tyd van die lewe."

En Sara het by haarself gelag in die tent, julle weet: "*Humph!*"

56 En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag?" Agter Hom. Sara het dit ontken. God sou haar net daar getref het, maar Hy kon nie, want sy was deel van Abraham.

57 Ons sondes sou ons ruïneer as ons nie ’n deel van Christus was nie; Hy kan nie die Kerk tref nie, want ons is Christus s’n. Sien? Sara en Abraham was een, Christus en Sy Kerk is Een. Ons sondes is bedek deur Sy Bloed, deur Sy geloof, nie ons s’n nie, ons vertrou op Sy voltooide werke.

58 Nou onthou, Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees in die Koms van die Seun van die mens,” met ander woorde, ’n besoek van dieselfde ding. Nou, as God Sy teken gewys het aan die einde van die Jode, en aan die einde van die Samaritaanse bedeling, en die Heidene net laat ingaan op gewone teologie, het Hy verkeerd gedoen. Hy’s oneindig, Sy eerste besluit, hoe om enigiets te doen, bly altyd dieselfde. Dis waar ons geloof in Sy Woord het, want wat Hy sê, Hy kan Dit nie verander nie.

59 Ek kan myne verander, want ek is eindig; Hy’s oneindig, en kan nie Sy Woord verander nie. Daarom, wanneer God enigiets sê, lê jou siel daarop, want dis waar. Dis die enigste manier wat jy ooit geloof kan hê, is glo wat Hy gesê het, dis die enigste manier wat jy Hom kan behaag, is om te glo wat Hy gesê het.

60 En het julle opgelet, net nou, op die laaste uur, toe ons ingebring het waar daardie laaste groot konferensie, waar Khrushchev met vyf nasies van die ooste, Eisenhower die leier, vyf nasies van die weste verteenwoordig het, en die tien tone van die beeld, hulle wou nie meng nie, en Khrushchev het sy skoen uitgetrek en dit geslaan (Geestelike begrip sou dit sommer gou optel, sien.), op die lessenaar? Sien, hulle sal nie meng nie.

61 Volgende ding is die koms van die Klip wat sonder hande uit die berg gekap is, wat sal inrol in die Heidense koninkryk, dit verby sal wees.

62 Net voor daardie tyd, gaan Hy hierdie Engel na watter kerk toe stuur? Na Sodom? Nee. Na die louwarmes? Nee. Hy het Dit gestuur na die uitverkore, uitgeroepte Kerk. Watter soort teken het Hy gewys? Dieselfde ding wat Hy gisteraand hier gedoen het, God, Elohim gemanifesteer in die Persoon van die Heilige Gees in Sy Kerk. O, goeiste! Wel, dit behoort ons ’n miljoen myl in die lug in te stuur met uitroepe en lofprysinge van Sy heerlikheid!

63 Hierdie dinge het gebeur net voor, nie die water wat geval het nie, Hy het die sedes van die mense gegee, wat sou wees, maar in die Sodom, onthou julle, Hy het dit uitgelaat, dit word geestelik geïnterpreteer. Ons is by die eindtyd, vriende. Dink daaraan vanaand, en as sonde aan jou lewe hang, dink daaraan.

64 Môre, as God wil, sal ek die kêrels oorstuur, of nou van net hier af sê om die gebedskaartjies uit te gee môre-aand, omtrent sesuur, dink ek. Is dit omtrent reg, Broer Moore? Omtrent sesuur môre-aand.

65 Nou, terwyl ons hier is vanaand, bid. Wie weet wat God sal doen! Ons weet nie, Hy’s God. En as God een ding sal doen,

bonatuurlik, om te bewys dat Hy hier is, onfeilbare bewys, dan is die enigste ding wat jy moet doen, sê: "Ja, Here, ek glo dit."

66 Suid-Afrika, waar tiene van duisende, maal duisende gesit het, een teken en vyf-en-twintigduisend in rolstoele, beddens, en draagbare, sewe groot bakkievragte is opgetel van een keer. Dertigduisend rou heidene het hulle afgode op die grond gebreek en na Jesus Christus toe gekom.

67 O, goeiste! Ons is so geïndokumeerd met alles, en so verbouereerd en bang. Moenie bang wees nie. Nou die aand het ek daaroor gepreek, *Moenie Bevrees Wees Nie, Dit Is Ek*. Die enigste Ding wat hulle kon help, hulle was sterwend, besig om te verdrink, Satan sou hulle vat, en hulle het gedink Hy was 'n spook, 'n gees, die enigste Ding wat hulle kon help.

68 En dis hoe dit vandag is, die enigste Ding wat jou kan verlos van kanker, die enigste Ding wat jou kan verlos van hartprobleme, medisyne het geen geneesmiddels daarvoor nie, die enigste Ding wat jou kan help, is die Ding waarvoor jy bang is, bang Dis 'n gees van een of ander aard, Dit is 'n Gees, 'n Heilige Gees, Christus gemanifesteer in ons lewens. Glo Hom nou.

69 Nou, môre-aand sal ons bid vir die siekes, en môre-oggend, as die Here wil, as ek moet praat, nou hierdie . . . wil van die Here, wou ek praat oor die onderwerp na Sondagskool: *Van Die Begin Af Was Dit Nie So Nie*.

70 Nou, laat ons vanaand blaai na die Boek van Jeremia, en ek sal net 'n kort tydjie met julle praat oor die, oor 'n onderwerp. Kom ons blaai na Jeremia en begin by die 8ste hoofstuk en die 20ste vers en lees tot by die 22ste. En luister goed na die voorlesing, my woorde sal faal, God se Woorde kan nie faal nie. Ek's 'n man, my woorde faal; God kan nie, Hulle moet wees. Die 20ste vers:

> *Die oes is verby, die somer is ten einde, en óns is nie verlos nie.*
>
> *Wanweë die verbreking van die dogter van my volk is ek verbreek; is ek in die rou; verbaasdheid* gryp *my aan.*
>
> *Is daar geen balsem in Gílead nie; of is daar geen geneesheer nie? want waarom het die genesing van die dogter van my volk nie tot stand gekom nie?*

71 En as ek dit 'n teks sou noem, wil ek graag daardie klein, drie Woordjie, drie-letter Woordjie neem, liewer: *Waarom? Waarom?* [Eng. "Why"—Vert.]

Laat ons nog een keer bid. Kan ons? Net voor ons dit nader.

72 Vader: "U is die Stroom van al ons troos," soos blinde Fanny Crosby eenkeer gesê het: "meer as die lewe vir my." En ons sit hier vanaand in hierdie Lewe Tabernakel, 'n tabernakel wat die naam van *Lewe* het, nie net die naam aan die buitekant van die

*Lewe Tabernakel* nie, maar Here, die mense aan die binnekant, ons het Ewige Lewe, omdat ons in U glo, want dit is so geskryf in die Woord: "Hy wat my Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het die ewige Lewe, en sal nie in die Oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe."

73 Hoe ons hierdie Woorde liefhet, want Hulle is Lewe vir ons. U Woord is Lewe. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword, en onder ons gewoon."

74 En dit is so genadiglik weer geskryf in die Boek van Hebreërs deur Paulus, glo ons, die 4de hoofstuk, dat "Die Woord van God," wat Christus is: "skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding, selfs tot die murg van die been, en," voegwoord: "'n Onderskeier van die gedagtes van die verstand." Dat die Woord, die Woord wat Gees is, die Heilige Gees, die gedagtes wat in ons verstand is, kan onderskei. Hoe dank ons U hiervoor, Here!

75 Die Heilige Gees met Sy krag om die siekes te genees, en om die gevangenes vry te laat, en om uitkoms te gee aan almal wat in slawerny is. Ons bid vanaand, Here, dat U elke siel sal bevry van slawerny.

76 Neem die man of die vrou wat aan die kerk behoort en U nie ken as hulle persoonlike Verlosser nie, mag hulle U vanaand ontvang as hulle Verlosser, môre-oggend teruggaan na hulle kerk toe, en hulle pastoor se hande vat, en sê: "Pastoor, ek was 'n lidmaat hier vir *soveel* jare," of maande, of wat ook al die geval mag wees, "maar gisteraand het ek waarlik my hart oorgegee, ek is nou 'n Christen. Jesus is my Verlosser, ek het Hom soet en dierbaar vir my siel gevind. Ek het oorgegaan uit die dood na die Lewe. My hele motief en my doelwitte is nou anders. Ek het Hom lief, en ek sal 'n beter lidmaat van hierdie kerk wees as wat ek ooit tevore was." Skenk dit, Here.

77 Mag baie gevul word met die Heilige Gees, die siekes genees word, God die eer ontvang. Help ons nou soos ons mediteer oor die groot woord, vraag, liewer, *Waarom?* Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

78 Nou: *Waarom?* Dis 'n vraag, en daar is niemand wat 'n groter reg het om dit te vra as God nie, en Hy het dit gevra in die teks vanaand. As God 'n ontsnappingsweg maak vir Sy mense, om 'n verskriklike ding te ontsnap, of siekte, of dood, of, die Ewige dood, en die mense dit dan nie ontvang nie, vra God: "Waarom? Waarom het julle dit nie gedoen nie?"

79 Nou, dit gaan 'n groot ding wees op die Oordeelsdag wanneer God vir ons wat vanaand hier vergader is, gaan vra, wat Hom nie wil aanvaar as ons Verlosser en gevul word met Sy Gees nie, "Waarom het julle dit nie gedoen nie? *Waarom*?"

80 En ons sal 'n antwoord daarop moet gee. Onthou net, ons gaan antwoord vir elke Woord wat God geskryf het. "Waarom het julle nie? Waarom?" En julle sal geen verskonings hê op daardie Dag nie, ons sal voor God moet staan.

81 Nou, net soos die Koning van Israel, toe hy die seun van Agab en Isébel was, hy het gewoon, bo in Samaria, hy was 'n bose man. Hy was soos sy pappa, of, sy moeder, hy het sy moeder se god, Baäl, aanbid. En eendag terwyl hy uitgestap het op die stoep, het hy deur die traliewerk geval en homself seergemaak, hy het siek geword. En toe het hy twee van sy bediendes geroep, soldate, en hulle na Ekron toe gestuur en gevra om die profete van Baäl te raadpleeg, of Baäl-Sebub, liewer, of hy gesond sou word of nie.

82 Maar jy weet jy kan nie enigiets vir God wegsteek nie. Ver onder in die wildernis iewers was 'n—'n ou prediker wat God geken het, sy naam was Elía. God openbaar Sy geheime aan Sy diensknegte, en die Heilige Gees het na Elía gekom, en gesê: "Gaan op en staan in die pad, en stop hulle."

83 En Elía het begin opgaan teen die heuwel met die pad wat oor die berg gegaan het na die ander stad, en hy het die soldate in die pad gestop, en gesê: "Gaan sê vir hierdie koning dat hy nie van daardie bed gaan afkom nie. Waarom? Waarom sou hy oorstuur om Baäl-Sebub oor enigiets te vra? Is dit omdat daar geen God in Israel is nie? Is dit omdat daar geen profeet hier onder is nie? Is dit omdat God Homself nie bekend gemaak het in Israel nie? Is dit omdat God nie 'n profeet voorsien het om oor hierdie dinge te raadpleeg nie? Waarom sou hy dan soontoe stuur?" Hy wou weet waarom.

84 En toe die manne teruggekeer en die boodskap gebring het, het die Koning gesê: "Watter soort man was hierdie?"

85 Hy het gesê: "Hy was harig, en het 'n stuk skaapvel, of leer om sy lendene gedraai gehad." En die koning het geweet dat dit Elía die profeet was, wat die Woord van die Here gehad het.

86 Dit was nie omdat daar geen God in Israel was nie. Dit was nie omdat God nie 'n profeet vir hulle gehad het om te raadpleeg nie, maar dit was die Koning se eie hardkoppige weë. Hy het net nie van Elía gehou nie. Hy het nie van hom gehou nie, want Elía sou hom altyd in sy sondes korrigeer, en 'n profeet van God bly altyd getrou by die Bybel. Ongeag van wat dit is, hy het God se Woord en hy's, bly reg daarby. En dit sal 'n man ontstel, en as die man eerlik en opreg is, sal hy daardie ding wil regmaak, maar as hy dit nie doen nie, dan draai hy teen die boodskapper, probeer die Stem stil maak.

87 'n Tyd gelede het ek 'n artikel gelees in 'n koerant in Phoenix, en die koerant het gesê dat daar 'n prospekteerder dood is omdat hy 'n bietjie geld gekry het en op sy pad was, en 'n—'n bose man het hom gevolg, en sy hond het opgestaan om te blaf, en die man was besig om te dagdroom wat hy met die geld sou doen toe hy

ingekom het, en hy het sy geweer gekry, hy het na die deur toe gegaan en die hond geskiet.

Bietjie later het die skelm ingekom, en die prospekteerder doodgemaak, en sy geld gevat; baie jare gelede. En dit is bely deur die man voor hy gesterf het.

88 Wat het die prospekteerder gedoen? Hy was so geabsorbeer met wat hy met sy geld sou doen, dat hy sy geweer geneem en die stem stilgemaak het wat hom probeer waarsku het.

89 Dis hoe mans en vroue vandag maak. Hulle gaan uit, sluit miskien by die kerk aan om uit te vind of dit hulle nie net 'n bietjie sal streel nie, en probeer om die Stem van God te stop wat jou probeer waarsku van 'n toekomstige Oordeel. Probeer sê: "Wel, dis fanatisme, of dis iets anders." Sal net nie lank genoeg stilsit om te luister nie. Nee, dit is nie omdat ons nie 'n God het nie, dit is nie omdat Hy nie verlossing vir ons het nie, dis omdat ons nie na Hom wil luister nie.

90 Net soos 'n man wat gaan, wat sal sterf, aan sy siekte, op die dokter se drumpel, die dokter het 'n geneesmiddel om die man te gee vir sy siekte, en hy kan hom help met sy medisyne, maar die man wil nie daarna luister nie, hy weier net om die dokter se medisyne te neem. Wel, die man kon so naby aan die dokter wees dat, hy op sy drumpel sou sit en sterf, sterf reg op sy kantoortrap, of woon...-reg langs hom, en sterf aan die siekte waarvan die medisyne in die dokter se kantoor lê om hom mee te genees.

91 Nou, dit is nie die dokter se fout nie, dit is nie omdat daar geen medisyne daar is nie, dis omdat die man weier om die geneesmiddel te neem. Dis reg. Hy sterf omdat hy weier om die geneesmiddel te neem wat die dokter het vir sy siekte.

92 So is dit in die kerk vandag. Mans en vroue sterf in die kerkbanke in sonde, omdat hulle die geneesmiddel weier. Daar is 'n balsem in Gilead, daar is 'n geneesheer daar, maar mense weier om die geneesmiddel te neem, hulle wil dit nie hê nie.

93 Dis 'n gevaarlike ding om 'n dokter se medisyne te weier. As jy skarlakenkoors het, of longontsteking, wat dit ook al is, en—en die dokter gee vir jou die medisyne, en jy gooi dit net uit, dis 'n gevaarlike ding, dis reg, want jy mag sterf.

94 Maar hoeveel gevaarliker is dit om die balsem van God uit te gooi, God se geneesmiddel! Bespot dit en noem dit fanatisme, laster die Heilige Gees. Daar sal geen verskonings wees wanneer jy gevra word: "Waarom?" nie. Dis 'n gevaarlike ding om dit te doen. Gevaarlik om jou liggaam te verwaarloos, wel, die medisyne as die dokter dit vir jou kwaal het, gevaarliker om die balsem vir jou siel te verwaarloos, want God het dit.

95 Nou, jy kan dit nie laat sê: "Wel, dis nie...dis die dokter se fout," nie.

Nee.

"Hulle het nie die medisyne nie."

96 Hulle het dit gekry. Jy kan nie sê... Dit is nie God se skuld nie, dis jou skuld as jy dit nie neem nie. Dis hier vir jou, en 'n uitnodiging aan wie ook al wil, Metodis, Baptiste, Presbiteriaan. Pinkster is nie 'n organisasie nie, ek weet hulle probeer dit organiseer, maar jy kan nie. Pinkster is 'n ondervinding wat is vir Metodiste, Baptiste, Presbiteriane, Katolieke: "wie ook al wil, laat hom kom," swart, wit, geel, bruin, wie hy ook al is. Dis God se geneesmiddel, dis Sy balsem vir sonde. Daar is 'n balsem in Gilead, eendag gaan ons vra waarom ons dit nie geneem het nie.

97 Nou, partymaal in die neem van medisyne, partymaal is medisyne nie... Dis goed, die Bybel sê dit is, "Blymoedige hart is goed, soos medisyne." Let op, maar somtyds sal medisyne nie altyd dieselfde op die persoon werk nie, en jy moet 'n kans vat daarmee.

98 Ek was verbaas hier in Afrika, as daar 'n dokter naby mag wees, hoedat God vir Sy mense sorg. 'n Inboorling het vir my gesê dat wanneer hulle 'n seer gekry het wat nie wou genees nie, sou hulle uitgaan onder 'n ou wilde, lemoenboom, en—en 'n lemoen vat wat oortrek is met muf, en daardie muf in daardie seer invryf. Penisillien. Hulle het dit geweet honderde jare gelede, en ons het dit so pas onlangs uitgevind, dan dink ons hulle is dom. God sorg vir Sy Eie. As ons meer tyd sou spandeer om te bid, sou daar meer dinge gedoen word.

99 Nou, ons let op dat ons partymaal 'n pasiënt penisillien kan gee vir longontsteking, dit sal die kiem doodmaak; en dan somtyds gee ons dit vir 'n ander een, maak dit die pasiënt dood. Jy kan nie te seker wees daarvan nie.

100 Ek het eenkeer gepraat, 'n uitlating gemaak hoedat medisyne nie genees het nie, medisyne is slegs 'n hulpmiddel vir die natuur. Toe daar met my 'n onderhoud gevoer is by Mayos', is dit wat hulle vir my gesê het. Sny jou hand, medisyne genees nie jou hand nie, jy sit medisyne daarop om dit skoon te hou terwyl God dit genees. God bou weefsel, medisyne bou nie weefsel nie.

101 As ek my arm gebreek en gesê het: "Dokter, jy's 'n geneser, genees my arm."

Hy sou sê: "Mnr. Branham, jy het verstandsgenesing nodig."

102 Dis reg. Die dokter kan my arm spalk, dis wat hy doen, hy bestudeer dit hoe om dit aanmekaar te heg, maar God moet dit genees. Dis reg. Omdat Hy die kalsium voorsien en die lewe wat daardie been aanmekaar bind, God genees dit. So, Psalm 103:3 het gesê: "Ek is die Here, wat al julle krankhede genees." Dis korrek. Dis God. God genees elke...

103 Daar was nog nooit medisyne wat genees het nie. Enige medisyne wat 'n sny in my hand genees, sal 'n sny in my jas genees, soos ek dikwels gesê het.

Jy sê: “Medisyne is nie gemaak vir jou jas nie, dis gemaak vir jou hand.”

104 Laat ek my hand sny, dan net hier sterf, jy werk my hand toe, en neem my af na die lykshuis, en—en balsem my liggaam met ’n vloeistof om natuurlik te lyk vir vyftig jaar, en gee my elke dag ’n inspuiting penisillien, en sit salf daarop, en vyftig jaar van nou af as ek, my liggaam steeds daar was, sou die sny ook daar wees. Waarom genees dit nie my liggaam nie?

Jy sê: “Die lewe het daaruit uitgegaan.”

105 Wat genees dan, medisyne of lewe? Lewe. Sê vir my wat lewe is, en ek sal vir julle sê Wie God is. God is Lewe, Ewige Lewe om hierdie lewe te help.

Iemand het toe gesê: “Wat van penisillien? Spuit penisillien in jou in.”

106 Ek het gesê: “Wel, penisillien is net soos rotgif. Jy het ’n huis vol rotte wat gate in die huis vreet, jy sit ’n bietjie rotgif uit, maak die rotte dood, dit lap nie die gate nie. Penisillien maak die kiem dood, maar God moet die selle genees wat daardeur beskadig is, so God is die Geneser.” Dis korrek.

107 Sommige medisyne sal op sommige mense werk, waar dit die volgende een sal doodmaak, jy kan nie te seker wees daarvan nie. Maar ek wil een ding sê: God se balsem vir sonde genees almal: “wie ook al wil.” Daar’s, òf hy is, watter natuur hy is, òf maak nie saak wie dit is nie, God se balsem is die geneesmiddel vir sonde, die dubbele geneesmiddel. Ek hou van daardie ou lied wat ons altyd gesê het: “’n Dubbele genesing vir sonde wees.” Ek hou daarvan.

108 Nou, God se balsem, daar’s geen . . . hoef nie bekommerd te wees daaroor nie, dit sal vir homself sorg. Ek het dikwels gewonder, en ek het baie goeie doktersvriende, en hulle bestudeer die mediese joernale, ensovoorts, en partymaal kry ek een om te studeer; ek hou daarvan om te dink hoe God werk in die mediese professie.

109 Weet julle hoe vind hulle medisyne? Wel, wetenskap sit verskillende chemikalieë bymekaar, probeer dit uit, en naderhand het hulle ’n formule opgebou, en daardie formule, hulle—hulle spuit dit in ’n proefkonyn in, oorleef die proefkonyn dit, gee hulle jou ’n beurt, kom ons kyk hoe dit op jou werk. Hulle probeer dit in ’n proefkonyn, en as dit goed in die proefkonyn werk, dan sal hulle dit in ’n mens probeer. Daarom is alle mense nie soos proefkonyne nie, daarom maak hulle sommige dood, maak die ander gesond.

110 Ek het gehoor dit word gesê, in die joernaal, dat—daardie hartprobleme die nommer een moordenaar in die nasie is. Nie om anders te wees nie, maar, nie om te verskil van daardie getroue manne nie, maar ek sou dit sê: Ek verskil insoverre, hartprobleme

is nie die nommer een moordenaar nie, sonde-moordenaar is die nommer een moordenaar, sonde. Dis wat siel en liggaam doodmaak. Sonde, nommer een moordenaar.

111 En julle het die ou uitdrukking gehoor: "Ek kan net nie keer om te sondig nie, niemand kan dit keer nie. Ek moet net rook. Ek moet net nou en dan iets drink. Ek moet hierdie dinge doen." Weet julle hoekom dit is? Want hulle neem nie God se geneesmiddel, Sy inenting daarteen nie. God het 'n balsem wat jou sal inent. Dis reg.

112 Hulle is bang daarvoor. Hulle is bang hulle sal iets ongewoons doen, bang hulle sal uit die gewone roetine kom, bang die kerk sal nie saamstem met wat hulle doen nie, bang hulle bure sal nie saamstem nie. Wat gee jy om oor jou buurman, solank God saamstem? Solank jou ondervinding met God se Woord ooreenstem, wat daarvan? Bly daarby.

113 O, dis die nuwe geboorte, hulle is bang daarvoor. Die nuwe geboorte is soos enige ander geboorte, dis 'n gemors. Ek gee nie om watter soort geboorte dit is nie, dis 'n gemors. As dit in 'n varkhok is, of as dit op 'n plaaswerf is, of in 'n pienk, versierde hospitaalkamer, dit is 'n gemors. En so is die nuwe geboorte 'n gemors, dit sal jou dinge laat doen wat jy nie gedink het jy ooit sou doen nie, maar uit daardie gemors kom Lewe. Halleluja! Dis reg. Uit die gemors kom Lewe. Lewe kom uit 'n gemors.

114 Lewe kom uit die dood: "As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen." Maar solank dit sterf en verrot, dan kom daar lewe uit daardie verrotte gemors. Totdat 'n man of 'n vrou gereed is om aan hulself te sterf, uit te sterf vir hulle geloofsbelydenisse, uitsterf vir hulle eie idees, en uit daardie verrotte gemors 'n nuwe geboorte voortbring van heerlikhede, en uitroepe, en lofprysinge van God wat hom anders laat optree, sy natuur verander, sy lewe verander, sy motiewe verander, en sy doelwitte verander.

115 Maar hulle is bang daarvoor, bang dit sal hulle laat huil en die grimering op hulle gesig ruïneer, die vroue; bang dit sal die begeerte vir die sigaar vir die man bederf. Sien? Hulle is bang daarvoor. Hulle wil dit nie hê nie, bang iemand sal hulle holy-roller of—of fanatikus noem. "As hulle die Meester van die huis Beëlsebub noem, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels noem?" Sekerlik.

116 As hulle my nie so genoem het nie, sou ek gaan en bid, en sê: "Here, wat makeer my?" Die wêreld ken sy eie, maar julle is gekoop met 'n prys, "Julle is 'n ander volk, 'n heilige volk, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk," julle is 'n Koninkryk.

117 'n Tyd gelede het ek gegaan, my vrou na die kruidenierswinkel en ons het 'n verrassing gekry, ons het dit so lanklaas gesien, verskoon my, susters, daar was 'n dame met 'n rok aan. Het dit so lanklaas gesien. Ek het gesê: "Wat

weet jy? Ek, as ek 'n kamera gehad het, sou ek haar foto geneem het. Ek behoort haar hand te gaan skud."

En sy het gesê: "Billy, ek wil vir jou iets vra, daardie vroue, party van hulle sing in kore, hulle gaan kerke toe, en hulle sê dis alles reg."

118 Ek het gesê: "Maar die Bybel het gesê dat 'n vrou wat mansklere sal aantrek, dit 'n gruwel in die oë van God is." Presies wat Hy gesê het.

Sy het gesê: "Wel, waarom is dit dat ons dit doen en ons dit glo, ons Pinksters?"

Ek het gesê: "Omdat ons nie van hulle ras is nie, ons is nie in hulle koninkryk nie, ons is 'n ander Koninkryk."

"O," het sy gesê: "Ons is Amerikaners, is ons nie?"

Ek het gesê: "Nee." Ek het gesê: "Ons woon in Amerika, dis waar, maar ons is gebore."

119 Toe ek in Finland ingegaan het, sou al die broers afgaan, 'n sauna neem, een van die Finse baddens. Ek het soort van snaaks gevoel, ek het dit nie gedoen nie. Dr. Manninen het gesê: "Komaan, Broer Branham." Daar was geen seep in daardie tyd, net na die oorlog nie.

Gesê, ek het gesê: "Dankie. Ek—ek glo nie ek wil dit doen nie, ek weet nie hoekom nie." Broer Jack het gelag, want hy was daar.

120 Wel, die broers het almal soontoe gegaan en in 'n kamer ingegaan, en ek weet nie hoekom ek nie wou nie, maar ek het net daar gesit. Hier kom 'n klein, blonde-kop vroutjie met 'n groot klomp handdoeke, reg in daardie kamer ingegaan waar daardie manne ontklee was. Ek het gesê: "Haai, haai, haai! Stop!"

121 Sy het omgekyk en vir my gewaai, en ingestap. Hier kom nog omtrent 'n dosyn, wat daardie manne daar uitneem en hulle bad. Nadat dit verby was, het ek gesê: "Dr. Manninen, dis nie reg nie."

Gesê: "Nie meer as wat julle Amerikaanse verpleegsters doen nie. Hulle is van kleins af opgelei om skropvroue te wees."

Ek het gesê: "Maak nie saak nie, dis nie reg nie." Dit is nie reg nie, God het vir mense klere aangetrek, en hulle daarvan geskei. Dis nie reg nie.

122 Ons in Duitsland ingaan, vind ons mense met 'n Duitse gees; Finland, vind ons mense met 'n Finse gees. Tot my verbasing by Sant'Angelo in Rome, so laag as wat dit is, was daar 'n kennisgewing vir die Amerikaanse vroue om "Asseblief klere aan te trek om die dooies te respekteer."

123 Was altyd Frankryk wat die modes gelei het, nou doen ons dit. Hulle kom hiernatoe om uit te vind hoe hierdie vroue aantrek, hulle is ver verby hulle. O, dis 'n skande! Dis 'n skande. Dis nie omdat die Woord nie gepreek word nie. God het iemand wat nie sal toegee met sonde nie. Daar is die dokters, en daar is

balsem. Jy die Heilige Gees ontvang, sal jy anders aantrek, sal jy anders optree, sal jy anders wees, sal jy anders lewe. Omdat jy die geneesmiddel weier, dis al, jy weier die geneesmiddel, bang vir die nuwe Geboorte.

124 Die vrou het gesê: "Wel, aan watter soort Koninkryk behoort ons?"

125 Ek het gesê: "Elke mens in sy eie domein, in sy koninkryk, tree hy so op, die mense daar buite, Duitsers tree op soos Duitsers, Switsers tree op soos Switsers, Franse tree op soos Franse, en Amerikaners tree op soos Amerikaners."

"Wel," gesê: "is ons nie Amerikaners nie?"

126 Ek het gesê: "Potensieel, ja, ons woon hier, maar wanneer ons van Bo gebore word, het ons 'n gees wat uit 'n Heilige plek kom, waar mense heilig is en 'n Heilige God, 'n Heilige Verlosser, en julle 'n koninklike priesterdom is, 'n heilige volk, jy is gekoop met 'n prys, jy's seker, jy's—jy's 'n vreemdeling."

Ek wens dat ek hierdie ou lied kon sing:

> Ons is pelgrims en ons is vreemdelinge hier,
> Ons soek na 'n Stad wat sal kom,
> Die Reddingsboot kom binnekort,
> Om die Juwele Huis toe te neem.

127 O, ek hou daarvan. Pelgrims! Abraham, en Isak, Jakob het gesoek na 'n Stad wat sou kom, bely dat hulle pelgrims en vreemdelinge was, maar hulle het gesoek na 'n Stad waarvan die Boumeester en Oprigter God is, hulle het die Hemele gesmaak. En 'n man wat gebore is uit die Heilige Gees, is nie meer van hierdie wêreld nie, hy soek 'n Stad en 'n Koninkryk waar heiligheid heers, waar God woon. Op soek na 'n Stad wat sal kom.

128 Bang vir die nuwe geboorte, dit maak jou net 'n ander persoon. En as jy nie 'n ander persoon is nie, dan is jy nie bekeer nie. Jy mag bekeer word in 'n denominasie, jy mag bekeer word in 'n ander atmosfeer of iets, maar wanneer jy na God bekeer is, dan lewe jy heilig. Ek glo in heiligheid. Ek kan vir julle bewys deur die Bybel dat ek nie omgee wat jy doen nie, jy kan nie vir God 'n gawe aanbied met onheilige hande nie, Hy sal dit nie ontvang nie.

129 Die gawes in die Ou Testament moes geheilig word by die altaar, die priester, voor hy kon ingaan om dit te offer, moes gesalf en geheilig word, of die gawe is geweier. God sal nie die gawe uit onheilige hande aanvaar nie. Dis reg. Dit moet deur heilige hande kom, of Hy sal dit nie aanvaar nie.

130 Bang vir die nuwe geboorte. Waarom is dit? Want dis soort van morsig vir hulle, maar dit bring nuwe Lewe voort, ek's so bly.

131 Julle weet daar was 'n tyd toe daar nie enige toksiene op die aarde was teen pokke nie. Baie het gesterf aan pokke, omdat daar geen toksiene was nie. Witseerkeel, geen toksiene nie, maar nou kan jy daarteen ingeënt word. Wanneer 'n epidemie in die stad uitbreek, vinnig, gaan jy af en kry 'n pokke-inenting, of 'n witseerkeel inspuiting, hulle het toksiene gekry. Ek's dankbaar daarvoor, ek's bly daaroor, ek's bly ons het dit. En die Salk-entstof vir klein kindertjies, ek dank die Here daarvoor. Bid dat Hy ons meer en meer sal gee.

132 Ek glo as ons net nader tot God, is daar dinge hier vir ons, ons is uit die aarde gemaak, julle weet. As ons net sal nader tot Hom, en tot Hom bid, en ophou met ons boosheid en dinge, sal al hierdie dinge gevind word. Dis reg. Maar vir julle wat glo, het Hy 'n beter oplossing as dit. Sekerlik, Hy het. Nou, dis alles, gereed gemaak vir julle.

133 Daar was 'n tyd toe die toksiene, daar nie enige was nie, en baie mense het gesterf van die siektes, maar nou kan jy ingeënt word. Daar was 'n tyd toe God se balsem nie volmaak was nie, want dit was getrek uit die are van diere, en dit het net sonde bedek, dit het dit nie geskei nie. Maar daar's geen verskoning nou nie, God, het eendag 'n toksiene gemaak.

134 Ek gaan iets sê, Hy het dit ook nie in 'n proefkonyn probeer nie, Hy het dit vir Sy Seun gegee. Hy het Hom ingeënt by die Jordaan toe die Heilige Gees op Hom neergedaal het. Almal, elke oog het Hom dopgehou soos Hy gelewe het, Hy het die lewe van God gelei, Hy het soos God gelyk, Hy het opgetree soos God, Hy het gelewe soos God, Hy het soos God gebid, Hy het genees soos God, Hy het die dooies opgewek soos God, Hy was God. God was, Hy was—Hy was ingeënt teen die dinge van die wêreld, en hulle het Hom dopgehou.

135 In die uur van Sy dood, het die inenting gehou. Toe hulle geweet het Hy was daardie Profeet, en 'n Romeinse soldaat het 'n lap om Sy kop gesit, en Sy oë toegemaak, en 'n stok geneem en Hom op die kop geslaan, en gesê: "Nou, as jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het, en ons sal jou glo," het die inenting gehou.

136 Hy luister nie na die duiwel nie. "Ek doen wat die Vader My wys. Ek doen net wat die Vader My wys om te doen." Bewys dat die inenting gehou het.

137 Toe, toe, hulle hulle hande uitgesteek en Sy gesig beetgekry en groot handevol baard uitgepluk het, 'n groot dronk spoeg opgetrek en dit in Sy gesig gesit het, het die inenting gehou.

138 Toe Sy Eie kinders vir Sy Bloed uitgeroep het, het die inenting gehou. Wat het Hy gesê? "Vader, vergeef hulle, hulle weet nie wat hulle doen nie."

139 Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, die inenting het gehou. Die hele hel het gekyk om te sien of dit sou hou. Hy het 'n weg gemaak vir my en jou, 'n voorbeeld gemaak.

140 Toe Hy aan die kruis gesterf het, het die inenting gehou, en op Paasoggend, halleluja, het dit bewys dit was so. Die inenting, die dood kon dit nie hou nie. Lewe en dood kan nie in dieselfde plek bestaan nie. Hy het op die derde dag opgestaan, die inenting het gehou. Soos Hy opgevaar het na Bo, het mense begin verlang, hulle wou die inenting hê, want daar, uiteindelik, was daar 'n serum, was daar 'n serum gegee deur God wat die dooies uit die graf sou opwek, en hulle wou ingeënt word.

141 Toe ek die eerste keer daarvan gehoor het, wou ek dit ook hê. Ek is so bly dat ons nog baie daarvan het, inenting teen sonde. En toe almal. . . Daar was 'n honderd-en-twintig wat dadelik pasiënte geword het, want hulle het gesien dit sou in versoeking hou, "Ek kon met My Vader praat, en dadelik sou Hy vir My twintig legioene van die Engele stuur." Hy kon dit gedoen het.

142 Maar julle weet soos ek eenkeer hier vir julle gepreek het, *Die Lam En Die Duif*, Onthou julle dit. Die duif het net. . . hy het die lam gelei, die lam kan nie homself lei nie, die duif het hom gelei. En die lam het een ding, wat wol is, maar hy gee dit, gewilliglik, die enigste ding wat Hy het.

143 Mense sê, baiekeer sê vroue vir my: "Broer Branham, dis—dis my Amerikaanse voorreg as ek wil aantrek soos ek wil aantrek."

Dis reg.

Mans sê: "As ek 'n sosiale drankie wil drink, hulle verkoop dit daar buite, daar's geen wet daarteen nie, dis my Amerikaanse voorreg."

144 Dis reg, maar as 'n Christen sal jy jou Amerikaanse regte verbeur as jy 'n lam is; as jy 'n bok is, sal jy nie. Maar as jy 'n lam is, sal jy jou regte verbeur, want jy's van 'n ander Koninkryk, die Duif lei jou.

145 Hulle het gesien dat dit gehou het in die uur van versoeking, dit gehou het in die uur van die dood, en toe Hy drie dae en nagte in die graf was, het die inenting gehou. Op Paasoggend het 'n Engel die klip weggerol, en die Seun van God het weer opgestaan, en Hy het opgevaar na Bo. Hy het gesê: "Nou, as julle almal ingeënt wil word, gaan soontoe en wag in die stad van Jerusalem, Ek sal die serum reguit terugstuur van Hoofkwartier af."

146 O, ek's so bly! O, daardie groot inenting, wat sou jy daarvoor gee, dit vanaand in 'n dokter se spreekkamer was, as jy afgaan, en sê: "Dokter, gee my hierdie inspuiting, en nadat ek 'n gewone lewe lei en sterf, en dit alles, voor jy jou kom kry een oggend, gaan ek weer opstaan in 'n nuwe Lewe, en nooit uit daardie een sterf nie. My 'n inspuiting gee, Dok"? Sou dit nie 'n bietjie geld

werd wees nie? Maar dis gratis vanaand, jy hoef dit nie te koop nie, dit is alreeds betaal. Daar's balsem in Gilead. O! Verskoon my, ek raak buite myself wanneer ek daaraan dink.

147 Hierdie mense, wanneer hulle ingeënt word, tree hulle snaaks op. Gewoonlik, doen hulle dit wanneer iets aansienlik gebeur. Laat hulle snaaks word wanneer hulle hierdie inspuiting kry. Vreemde ding daarvan was, hulle het almal dronk geword, so gelyk, of, hulle het gedink hulle was dronk. Hulle het gedans en opgetree soos 'n klomp dronk mense, en die—en die mense wat nie ingeënt was nie, het gesê: "Hierdie mense is vol nuwe wyn."

148 Mans en vroue, luister, my Katolieke vriend, die maagd Maria was daar binne, en as die maagd Maria, die—die moeder van ons Here en Verlosser, Jesus Christus, moes opgaan na Pinkster en so vol word van die inenting van God se Gees, dat sy opgetree het soos 'n dronk vrou, hoe gaan jy inkom, enigsins minder as dit? Dink net na daaroor. Hoe gaan jy dit maak? Maak nie saak aan watter kerk jy behoort nie. Sy het ook aan 'n Heilige Kerk behoort, maar sy moes ingeënt word, dis die enigste ding wat sou opstaan, Lewe moes inkom, sy is ingeënt.

149 Nou, toe hulle hierdie inenting gekry het, het hulle uitgegaan in die strate en begin om—om baie vreemd op te tree, gedans, geskree, rondgehardloop. Mense het ongetwyfeld gelag, en gesê: "Hulle lyk asof hulle 'n aanval kry." Maar hulle was gebrandmerk.

150 Ek onthou toe ek altyd op die beesplaas gery het. Buite in Colorado, het ons beeste gehad, Hereford Vereniging het die Troublesome Riviervallei bewei. Elke lente sou ons moes bring, hierdie kalwers brandmerk. En wanneer ons daardie kalwers gaan brandmerk het, was hulle partymaal al 'n mooi groot koei, eenjarige, voor hy gebrandmerk sou word, miskien.

151 Moes hom platgooi, hierdie warm brandyster neem en op hom druk, die hare sou skroei, en o, goeiste, wanneer hy hom losgelaat het, het hy op die loop gegaan, maar broer, hy was joune, hy was gebrandmerk. Dit het hom 'n bietjie seergemaak, maar ons het geweet waar hy behoort het daarna. Dit mag jou trots seermaak, en 'n bietjie van jou kerkpels afbrand, maar daarna sal jy weet waar jy behoort.

152 Inenting, sekerlik. Hulle is ingeënt, hulle het iets gedoen, hulle het in ander tale begin praat. Daardie manne het gesê: "Nou, wat beteken dit alles? Wel, ons hoor daardie mense, hulle is almal Galileërs, en waarom hoor ons hulle praat in ons eie taal, waarin ons gebore is? Dit moet die wonderlike werke van God wees."

153 En toe was daar 'n kêreltjie wat daar op 'n stomp gestaan en vir hulle begin preek het. Hulle het baie gehad van. . . Hulle het gesê: "Kan ons hierdie inenting kry? Ons wil dit graag hê. Wat kan ons doen om—om ingeënt te word?"

154 Nou, die nuwe serum is pas uitgestort, so hulle het baie balsem gehad, en hulle het ’n dokter daar gehad, sy naam was Dr. Simon Petrus. Dit behoort sommige van julle kerkmanne baie goed te laat voel. Dr. Simon Petrus, hy het gepraat namens die serum.

Hulle het gesê: “Wat kan ons doen om ingeënt te word?”

155 Hy het gesê: “Ek sal vir julle ’n voorskrif uitskryf.” Hy het gesê: “Bekeer julle, en word elkeen van julle gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sondes, en julle sal ingeënt word.” Dis reg. Hy het gesê: “Behalwe dit alles, gaan ek hierdie ’n—’n lewenslange voorskrif maak, daar kan nie weer met hierdie voorskrif gelol word nie. Moet niemand anders probeer om een soos hierdie uit te skryf nie. Hou hierdie voorskrif, want dit kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.” Dieselfde voorskrif is goed vir hulle, dis die inenting.

156 As ’n dokter gaan en ’n voorskrif uitskryf, ’n baie goeie dokter, weet hy net hoeveel van sekere goed om daar in te sit. Een moet die ander een teenwerk, as dit nie is nie, as jy gaan om nog ’n bietjie in te sit, of iets daarby te voeg, of iets daarvan wegneem, sal jy jou pasiënt doodmaak. Een of ander kwakapteker iets daarby voeg, of iets daarvan wegneem, mag die pasiënt doodmaak.

157 Dis wat die probleem is met ons kerkbeweging vandag, die rede waarom ons soveel ou, dooie kerke het, hulle het probeer lol met daardie voorskrif. Dis God se voorskrif. Daar is ’n balsem in Gilead, en daar’s ’n Geneesheer daar. Moenie lol met die voorskrif nie.

158 “Skud iemand se hande en neem hulle in gemeenskap in,” dit neem nie die bekering nie. Nee, meneer. “Besprinkel iemand met ’n soutpotjie vol water,” dit neem nie die plek van waterdoop nie. Hou op lol met die voorskrif! Daar is ’n balsem in Gilead, en daar is ’n Geneesheer daar.

159 Nou, waarvoor wag julle? Hoekom gaan julle die voorskrif weier? Die Dokter is hier, die Heilige Gees, Hy was die Een Wat die voorskrif geskryf het. Hulle het dit regdeur die Testament gebruik, verder vir driehonderd jaar of langer, tot by die Niceense Raad. Toe begin hulle mense daarin kry, en begin *hier* inmeng, en besprinkel, en oorgooi, en alle ander soorte vorms en dinge. Maar terug na die oorspronklike voorskrif! *Daar* is die voorskrif. Die rede waarom mense so vol sonde is, hulle neem nie God se voorskrif nie. Hulle sluit by die kerk aan in plaas van om Daarin gebore te word. Probeer iets anders neem behalwe Handelinge 2:38, dis God se voorskrif.

“Is daar geen balsem in Gílead nie? Is daar geen geneesheer daar nie?”

Ja, daar is balsem in Gílead. Ja, daar is dokters daar, baie van hulle. Sekerlik. Vertel julle die waarheid daaroor.

160 "Waarom is die dogter van My volk dan," die dogter: die kerkie op hierdie dag, die—die profesie gaan na hierdie tyd, "waarom is die dogter van My volk dan, die dogter van My volk," wat destyds aan die begin was: wat hierdie selfde voorskrif gebruik: "waarom is die dogter van My volk nog siek? Waarom? Is daar niemand om jou die waarheid te vertel nie?"

Sekerlik.

"Is daar geen balsem daar, nog steeds die Heilige Gees nie?"

Daar's honderde wat net hier sit vanaand, wat kan bewys dat die Heilige Gees reg is. Sekerlik, daar is.

161 Dan, broer, as jy nog nie teen sonde ingeënt is nie, neem God se voorskrif, en daar is 'n balsem in Gilead, en daar is 'n Geneesheer daar, daar is 'n tenk water aan die onderkant van die trappe, en 'n altaar hier.

Kom ons buig ons hoofde.

162 Here, U was God van ouds, U is God en verander nie, as U ooit 'n voorskrif skryf, U groot Geneesheer, kan dit nie verander word nie. Ons onthou die voorskrif wat U geskryf het, dit het gesê:

> *Gaan in die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan elke skepsel.*
>
> *Hy wat glo en gedoop word, sal gered word;. . .hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.*
>
> *En vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg; In my Naam sal hulle duiwels uitdryf;. . .met nuwe tale spreek;*
>
> *. . .slange opneem;* of. . .*iets dodeliks drink,* sou *dit hulle nie* skaad *nie;* as *hulle*. . .hulle *hande op die siekes lê,. . .sal hulle gesond word.*

163 U laaste Woorde aan U Kerk. Onmiddellik daarna, het U gespreek deur die apostel Petrus, in die vorm van die Heilige Gees, toe Dit pas eers uitgestort is. Ek het hom 'n dokter genoem vanaand, Here, net om 'n—'n punt te maak, dit was die Heilige Gees, die inspirasie, die wete dat die Heilige Gees die formule geskryf het, en ons dank U hiervoor.

164 Daar is mense hier, en miskien, in ons gehoor, wat nog nooit hierdie formule aanvaar het nie. Hulle mag aan die kerk behoort, of iets, maar sover dit betref om die Heilige Gees te ontvang en ingeënt te word, 'n Gees daarin wat hulle ou natuur uitneem, die nuwe natuur insit, het hulle dit nog nooit gedoen nie. Ek bid U, Vader, dat vanaand, dat hulle Dit sal ontvang, dat die sondaars na U sal kom, en U sal ontvang as hulle persoonlike Saligmaker, gevul word met die Heilige Gees. Skenk, Here, dat diegene wat

in die water ingaan, nie een van hulle in die water sal ingaan vanaand sonder om uit te kom met die doop van die Heilige Gees nie.

165 Mag hierdie 'n gedenk-aand wees, wat 'n lang tyd onthou sal word, as gevolg van U Teenwoordigheid, en U, die Groot Dokter, hier, om alles te doen wat U belowe het: Lewe te gee aan hulle wat sterwend is, genesing van siekte aan diegene wat ons geliefde mediese dokters nie kan raak nie: hart, kanker, blind, doof, stom, verlam, iets wat U nog nie in hulle harte geplaas het, of in hulle gedagtes, wat om dit weg te neem nie, miskien is daar niks oor behalwe net die Bloed nie. Maar ons weet, Here, dat daardie inenting daar alles genees. Ons dank U Daarvoor, Vader. Bid nou dat U eer sal ontvang uit die diens. Ons vra dit, in Jesus Christus' Naam. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
. . . my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

166 Skuur die outydse Evangelie julle nie net uit nie? Voel skoon? Kom ons buig net ons hoofde, eerbiediglik. Nou kom ons sing dit nou stadig en saggies, met 'n aanbidding in ons harte tot God.

Ek het Hom lief . . . het Hom lief
Omdat Hy eerste liefgehad het . . .
En . . . verlossing
Op Gólgota's boom.

167 Kom ons neurie dit net. Ek wonder, met ons hoofde gebuig, terwyl die musiek dit mooi speel, die meisies, as hulle sal, sou daar in Goddelike teenwoordigheid wees, een of ander sondaar wat sou sê: "Ek wil Hom liefhê, Broer Branham, ek wil regtig. Ek wou nog altyd. Ek wens ek het die moed gehad, vanaand, om Hom as my persoonlike Verlosser te ontvang"? Sal jy net jou kop oplig, of hand, liewer, terwyl niemand kyk nie? Ver bo in die balkon, ver agter daar binne, ek dink ek sien 'n paar gekleurde mense daar agter, ver bo. Steek nou jou hand op. God seën jou. God seën jou.

God seën jou. Ek sien jou hand. God seën jou. Dis . . .

168 "O, Broer Branham, as ek net seker kan wees dat Jesus hier is! Ek glo jy het die waarheid gepraat, ek glo Hy het gesê dat: 'Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen.' Jy sê vir ons dat die, ons—ons is aan die einde van die pad."

Agter hier in die vleuel aan my regterkant, steek julle hande op. Daardie . . . God seën jou. God seën jou. Dis reg. Ver agter daar binne. Dis goed.

169 "Ek glo, Broer Branham, dat dit waar is, tog het ek nog nooit net enigiets gehad waarop ek my hande kon sit om te sê dis bonatuurlik nie. Ek het groot boodskappe oor die Bybel gehoor,

maar ek het nog nooit die Heilige Gees sien kom en enigiets doen nie. En, veral, toe julle vanaand gepraat het, dat Dit die Messias was, en Hy 'n Messiaanse teken gewys het, en jy gesê het Hy het dit vir hierdie geslag gewys, en Hy het belowe Hy sou dit doen soos dit was in die dae net voor die verbranding van die aarde in Sodom, Hy daardie selfde teken sou wys, Hy in menslike vlees sou werk en daardie selfde ding doen net voor die verbranding van die aarde, as ek Hom kon sien, iets waarop ek my hande kon lê om te weet dat—dat Christus net hier is, sou ek Hom as my persoonlike Verlosser ontvang."

170 Sou daar nog een wees wat nie hulle hande opgesteek het nie? Steek julle hande op. Ek kan nie te goed sien in die balkon, daar ver bo nie. Lyk asof, ja, ek sien die hande, die gekleurde mense. God seën julle daar bo, ja. Onder op die onderste vloere hier enige plek, wat staan in die gange daar agter, agter in die, aan die agterkant in die vleuels iewers, enige plek. God seën jou hier, broer. God seën jou. God seën jou, mannetjie. Seën jou. Goed.

171 Ons Hemelse Vader, noudat die tyd gekom het dat ek van U gepraat het, vertel dat U die Groot Geneesheer is en U die inentingskrag het om dinge te doen, dat U nie dood is nie, dat U gesterf het, waarlik, maar U het weer opgestaan die derde dag, en U lewe vir ewig. En U het opdrag gegee, of U Kerk opdrag gegee om in die hele wêreld in te gaan, en die Evangelie te verkondig aan elke skepsel wat sou glo, en hy wat wel geglo het en gedoop is, sou gered word. En U het gesê: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

172 En die manier wat U Uself bekend gemaak het aan die Jode en aan die Samaritane, nou, Here, die Heidense kerk het tweeduisend jaar van teologie gehad, hulle het dit nooit gesien tot hierdie tydperk nie. Die profeet het gesê: "Dit sal Lig word in die aand." Ons weet dat die son opkom, geografies, in die ooste en ondergaan in die weste. Dieselfde son wat in die ooste opkom, is dieselfde son wat in die weste ondergaan.

173 Die profeet het gesê: "Daar sal 'n dag wees wat nie dag of nag sou wees nie, 'n somber dag," net genoeg Lig om by die kerk aan te sluit, en 'n paar dinge soos daardie: "maar in die aandtyd, sou die Aandligte skyn."

174 U het opgekom oor die oosterse mense na die Jode, die Samaritane, daardie Lig op hulle geskyn. Nou ons het dit hierdie lang tweeduisend jaar gehad, 'n dag van somber oorloë en probleme, maar die Aandligte het begin skyn, dieselfde Seun van God met Sy selfde krag, wat Sy selfde tekens wys, net soos die son ondergaan op die westelike horison. Ons kan nie verder gaan nie, Here, ons is by die Weskus, dit sou weer ooswaarts wees. Here, skyn op ons vanaand, wys ons U Teenwoordigheid as dit U behaag.

175 Ek vra dat U sal gee dat die Boodskapper van die Verbond, wat Abraham daar ontmoet het voor die verbranding van Sodom, toe Hy Sy rug gedraai gehad het na die tent, en die Gees wat in Hom was, Wie Abraham erken het as God Almagtig, die groot El, Elah, Elohim, die Selfbestaande Een, gemanifesteer in 'n liggaam van vlees wat 'n koei se kalf geëet, botter geëet het, en melk, en mieliebrood, en toe verdwyn het reg voor die oë van Abraham, Elohim.

176 Toe Hy gemanifesteer is in die vlees deur 'n maagdelike geboorte, belowe het dat, in die laaste dae, hierdie teken sou gebeur net voor Sy terugkeer na die Heidene. Hier is ons, Here, U hou U Woord. Ek het vir hierdie mense gesê dat hulle is, hulle gered is toe Jesus vir hulle gesterf het, hulle genees is toe Jesus vir hulle gesterf het, bevestig U Woord. As U dit net vanaand sal doen, Here, sal die mense besef dat U hier is.

177 U kon hulle nie genees nie, want U het dit alreeds gedoen, dit bly hulle geloof om dit te manifesteer. Sal U vanaand kom, Here, en U Teenwoordigheid bewys, as ons, U nederige diensknegte, genade in U oë gevind het?

178 As U my sou salf, U dienskneg, Here, sou U U gehoor ook moes salf, want dit moet deur albei wees. Want ons besef dat, toe U hier op aarde was, toe U na U Eie mense toe gegaan het, het Dit gesê: "Baie magtige werke kon Hy nie doen nie, as gevolg van hulle ongeloof." So is dit vanaand.

179 Hoor, Vader, ons vertrou onsself toe aan U, en wag nederig dat U U genade en liefde aan ons sal manifesteer, dan sal ons die sondaars vra om vorentoe te kom om die voorskrif te ontvang. In Jesus' Naam, vra ons dit. Amen.

180 Voor God, die heilige Engele, sê ek, ek sal vorentoe gaan in Gees om die vyand uit te daag wat onsigbaar is onder ons, dit is ongesteldheid, siektes, hulle is duiwels, soos kanker. *Kanker* is die mediese woord, ek dink *krap*, julle weet, die seedier, bene, maar hy het 'n lewe. Die kanker is 'n sel, 'n wilde sel, soos ek dit verstaan, ek is nie 'n dokter nie, maar 'n vermeerdering van selle. So is jy 'n vermenigvuldiging van selle, jou lewe het gekom deur heilige huwelik, deur die wil van God. Maar waar het hierdie kanker vandaan gekom? Om jou lewe te neem. Hy's 'n duiwel.

181 Jesus het gesê toe die doofstom gees uit die man uitgegaan het, doofstom gees, hy kon praat. Sien? Gees.

182 Daardie arme broer mag na 'n goeie dokter toe gegaan het, en hy het hom deurgekyk, hy het gesê: "Ja, meneer, ek vind dit. Jy het 'n dooie senuwee in jou oor, en dis wat jou doof maak."

183 Nou, waarom was hy nie dood, senuwees oral nie? Sien? Dis soos 'n onsigbare krag wat hom vashou. Iets waaraan die dokter kan werk, hy kan sien, met sy—met sy hande. Hy het twee sintuie waarmee hy werk, dis wat hy met sy oë kan sien, wat hy met sy

hande kan voel. Sien, proe, voel, ruik, en hoor is die vyf sintuie van die liggaam.

184 Nou, as hy dit kon sien, kon hy daaraan werk, maar kyk hierdie ding wat daardie senuwee doodgemaak het, hy kan dit nie sien nie, soos 'n deurskynende band, of iets. Nou, dis 'n dowe gees, dit daar afhaal, sal die natuur eintlik homself omdraai.

185 Net soos 'n mieliestingel, hierdie blom wat groei, as dit op 'n kluit gelê word, en omgedraai word, verwyder net die kluit, dit sal reg teruggroei. Jy moet hê. . .Jy moet oorsake vind voor jy geneesmiddels vind.

186 As jy in 'n dokter se spreekkamer ingaan, en vir hom sê: "Ek's naar op my maag," en hy gee jou bietjie aspirien, stuur jou huis toe, is hy óf te besig om met jou te lol, óf gee nie om nie. 'n Goeie dokter sal jou inneem, dit kos jou bietjie meer, maar hy sal jou ondersoek totdat hy die oorsaak vind, en dan daar begin werk.

187 Nou, nie as 'n mediese dokter nie, maar as 'n dienskneg van Christus, ken ek die oorsaak, dis sonde. Wat is *sonde*?

"Broer Branham, ek sondig nie."

188 Ongeloof is sonde. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Ongeloof is die enigste sonde wat daar is. "Hy wat nie glo nie, is veroordeel." Jy. . .Lieg, steel, owerspel pleeg, dis nie sonde nie, dis die eienskappe van ongeloof, dis reg, eienskappe van ongeloof. As jy geglo het, sou jy nie daardie dinge gedoen het nie.

189 Nou, die Heilige Gees het belowe om in die laaste dae te kom en aan die Heidense ras te wys dat Hy Messias is, dat dit sou wees dat God bokant ons was, in die Vaderskap; God met ons, in die Seunskap; nou God die Heilige Gees in ons, julle weet dit. "'n Klein tydjie, en die wêreld sien nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot die einde van die voleinding." Dis, Hy sal daar wees hoe lank? Tot die einde, die wêreld eindig, sal Hy steeds daar in julle wees, God in julle.

190 Nou, as die Heilige Gees. . .Hierdie is die Heilige Gees, hierdie Engel van God waarvan hulle, die wetenskap die foto geneem het, hang in Washington, DC, met kopiereg, die enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer is. Ek sê vir julle in Christus' Naam: Dit is nie twee voet van waar ek nou staan nie. Dis reg. Dis reg. Dis waarom ek sê wat ek sê, Hy is hier.

191 Daar is nie 'n persoon na wie ek kyk in hierdie gebou, wat ek ken nie. Ja, ek weet. Ek ken hierdie Broer Ed Daulton, hierdie Baptiste predikerbroer, wat reg hier oorkant sit van bo in Kentucky, en daardie twee seuns wat langs hom sit. Buiten dit, sien ek nie een siel wat ek ken nie.

192 Hoeveel hierbinne is siek en het Christus nodig vir julle genesing, fisies, of vir een of ander geliefde, of iets wat jy van Christus nodig het, en jy weet ek ken jou nie, weet nie wat jy wil

hê nie? Steek jou hand op. Hê geloof, goed, hê net geloof. Dan, in jou geloof, glo God met jou hele hart.

193 Nou, wees baie eerbiedig. En dan, nou, neem net jou tyd, net 'n oomblik, moenie senuweeagtig wees nie, dan wanneer jy dit wel glo, en om. . . ek sal 'n Skrif uit die Boek van Hebreërs aanhaal sodra ek hierdie aanhaling maak.

194 Jesus van Násaret, ons Here en Verlosser, was op Sy pad om 'n klein, dooie dogtertjie van 'n priester op te wek, en daar was 'n vrou wat 'n bloedvloeiing gehad het. Sy het probeer om genees te word deur die dokters, en hulle het hard probeer om die vrou te genees, maar hulle kon dit nie doen nie. Sy het 'n bloedvloeiing gehad, miskien menopouse, of iets, dit kon nie stop nie, en ek kan die klein, bleek dingetjie sien, sy het in haar hart gesê: "As ek net daardie Man se kleed kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Julle onthou die storie.

En sy het Sy kleed aangeraak, en Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

En Petrus het Hom bestraf, gesê: "Almal raak U aan. Waarom het U so-iets gesê?"

Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword, krag het van My uitgegaan," krag.

195 Nou, jy sê: "O, ek is siek vanaand, Broer Branham. As Jesus hier was, sou ek Hom net nou aanraak."

Sou jy dit doen? Sekerlik, jy sou. Goed, ek wil vir julle sê Hy's hier. Um-hum, goed. Sien?

Nou, as Hy—Hy hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy my gegee het, as jy sou naderstap, en sê: "Here Jesus, sal U my genees?"

Hy sou sê: "Ek het dit alreeds gedoen. Glo jy?" Dis waar: "Laat dit vir julle wees volgens julle geloof," het Hy gesê. Sien?

196 Dit was alreeds voltooi toe Hy op Gólgota gesterf het, maar Hy kan Homself hier teenwoordig verklaar om te wys dat Hy lewendig is en nie dood nie, Hy het dit belowe, dis ons troos. Is julle nie bly in hierdie donker ure, wanneer die wêreld, of, en, niemand weet wat om te doen nie, tog weet ons waar ons staan, nie? Ons weet. Sien? Hy's hier. Ons glo Hom, hier is Hy, en het wetenskaplik bewys dat Hy hier is, deur hulle foto's, en dinge. Die Kerk, in die miljoene om die wêreld, sien Sy krag, sien dit werk.

197 En daar's, onthou, daar's iets groots wat gereed maak om te gebeur, dit is nog nie die uur nie, iets sal plaasvind, en julle sal een van hierdie dae weet, binnekort nou. Moenie dat dit te laat wees nie, onthou julle, baiekeer gaan hierdie dinge verby, en julle weet dit nie.

198 Die Katolieke kerk het nie geweet toe hulle Johanna van Arkel verbrand het as ’n heks, dat sy ’n heilige was nie; het ook net so, nie vir Sint Patrick geken nie; hulle het nie geweet Jesus was die Seun van God totdat Hy dood, begrawe, en weer opgestaan het, dat hulle besef het wat hulle gedoen het nie. Moenie hierdie Heilige Gees weier nie, want eendag sal jy besef wat jy gedoen het. Sien? Moenie dat dit so wees nie.

199 Nou, Hy’s hier, en die Bybel sê as julle Hom wil aanraak, Hebreërs, enige van die kerkmanne hierrond weet dit, die Bybel sê dat Hy, net nou, ’n Hoëpriester is, wat sit aan die regterhand van die majesteit van God, wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg? Sê Hebreërs 13:8 Hy is dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid? As Hy dieselfde Hoëpriester is, as jy Hom aangeraak het, sou Hy op dieselfde manier optree. Is dit reg? Dieselfde ding wat Hy daar onder gedoen het toe daardie vrou Hom aangeraak het, Hy sou dieselfde ding doen, want Hy het belowe Hy sou dit doen, volgens wat Hy daar gedoen het toe Hy met Abraham gepraat het. Sien?

200 As jy dit glo met jou hele hart, mag die Heilige Gees kom, deur ’n Goddelike gawe . . . Nie niks in myself nie, net soos hierdie mikrofoon, dis stom tensy, dis stommerik sonder iets wat ’n geluid maak aan hierdie kant daarvan. So is ék ’n stommerik, sonder Iets wat deur my praat; ek ken julle nie. Julle raak Hom aan, en wanneer julle dit doen, steek julle iets aan die brand wat die Heilige Gees afstuur.

201 As ek myself kan loslaat, en myself kan verneder om my eie gedagtes uit die pad te kry, sal julle geloof in God Hom omdraai, en Hy sal Sy Heilige Gees, in my, gebruik om dieselfde ding te doen wat Hy gedoen het vir die vrou wat Sy kleed aangeraak het. Jy hoef nie jou gebedskaartjie te hê, en hiernatoe te kom nie, want julle het in elk geval nie enige gebedskaartjies nie. Sien? Ons gaan hulle môre uitdeel. Hê net geloof.

202 Nou luister, moet niemand steur, enige geraas maak nie, glo net, en bid nou vir ’n oomblik, soos ek my rug draai, kyk of ons aan die einde van die pad is.

203 God, dis tot U eer en glorie, wat ons vra. Almagtige en algetroue God, Wat U Woord hou in elke geslag, wat nooit faal nie, maar altyd daar is om Uself lewendig te bewys, eendag op pad huis toe na die opstanding, het baie nie aan U geglo nie, en daar was een met die naam van Kléopas, en sy vriend, wat op die pad was daar na Emmaüs. En toe hulle heeldag met U gewandel en U met hulle gepraat het, tog het hulle U nie herken, totdat U hulle in die kamer ingekry het aan die binnekant nie.

204 Daar is baie hier vanaand, Here, wat saam met U gewandel het deur die jare, en steeds besef hulle nie hoe U hulle van ongelukke weerhou en die verskillende dinge wat gebeur het, hulle laat lewe het om hier te wees vanaand nie. En terwyl ons

aan die binnekant is soos Kléopas en sy vriend was, doen iets soos U toe het. Toe U iets gedoen het net soos U dit gedoen het voor U gekruisig is, het hulle geweet dat U dieselfde Jesus was, want niemand het dit so gedoen behalwe U nie. En hulle het vinnig gehardloop, en vir ander gesê: "Waarlik, die Here het opgestaan."

205 Nou, Vader, maak vanaand in hierdie gehoor soos U het in die dae toe U hier op aarde was, want dis net presies volgens U belofte. Spreek, O God, terwyl ons onsself verneder en ons lewens oorgee in U hand. As U dit net een keer sal doen, Here, nog een keer, dan sal die mense hier gevra word vir 'n rede waarom hulle nie die voorskrif van die Bybel gevolg het nie, want hulle sien dat, waarlik, God deur Sy Kerk en deur Sy mense werk. Mag ek dit nederig vra, ons goeie, liefdevolle Verlosser, in die Naam van Jesus Christus, vra ek dit. Amen.

Goed, lig julle julle koppe op.

206 Ek kyk reguit hierdie kant toe na 'n vrou wat haar kop opgelig het en bid. Ek ken haar nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie, maar reg bo hang daardie Lig, die Vuurkolom, en ek hou Dit dop soos Dit beweeg. Die vrou het vir my gebid om om te draai en haar te roep, en sy, wat ly aan 'n rektale probleem. As jy glo met jou hele hart, mag jy genees word.

207 Dametjie is van, sy mag weet wie dit is, sy's van Fort Smith, Arkansas. Staan op jou voete, dametjie, met die tjalietjie oor jou rug daar, jou rektale probleem het jou verlaat, aambeie genoem word.

208 Nou, ek hou plegtig my hande op, ek het nog nooit in my lewe die vrou gesien, sover ek weet nie. Ek. . .Jy het nie 'n gebedskaartjie nie, het jy? Want daar's geen gebedskaartjies nie. Ek ken jou nie. Is, dis waar? Ons is vreemdelinge. Steek jou hand op, sodat die mense kan sien. Ek het nog nooit. . .Is wat Hy vir jou gesê het, was dit die waarheid? Wuif jou hand, as dit die waarheid is.

209 Ek wil die gehoor iets vra: Wie het die vrou aangeraak? Sy steek haar hande op, sy het my nog nooit gesien nie, en ek het haar nog nooit gesien nie. En tog is die Gees van God hier om terug te gaan na haar, dieselfde Een; sy het geloof gehad soos die vrou wat die soom van Sy kleed aangeraak het. Sy het my nooit aangeraak nie, kyk hoe ver is sy van my af, sy het die Hoëpriester aangeraak. Dit bewys dat Hy hier is.

210 Die dame wat reg daaragter op die punt sit, die klein veerhoedjie, sy bid, ook. Glo jy dat ek Sy profeet is? Jy ly aan jou rug na 'n botsing, ongeluk. Dit is reg. Behalwe dit, het jy artritis, dis korrek, komplikasies. Jy het 'n geliefde waarvoor jy bid, 'n seun, senuwee ineenstorting. Jy het 'n man waarvoor jy bid, hy's 'n alkoholis. Dis SO SPREEK DIE HERE GOD.

211 Aanvaar jy Jesus Christus nou? As daardie dinge waar is, steek jou hand op, sodat die mense sal sien. As ek jou nie ken

nie, en jy ken my nie, wuif jou hande. Ek het geen manier . . . Glo jy nou met jou hele hart? Gaan ontvang dan waarvoor jy gevra het, kan dit ontvang.

"As jy kan glo, alles is moontlik vir hom wat glo." As jy glo, jy moet eers glo.

212 Laat ons nou sien. Sien, ek, enigste manier wat ek ooit sal weet wat ek vir die vrou gesê het, dis op die bandopname. Dit was nie ek wat gepraat het nie, dit was Hy, maar daar is Iets wat steeds by die vrou hang.

213 Sy wonder, o, dis—dis sy, die, 'n—'n—'n—'n seun, senuweeagtig, nee, ek, hier is dit, dis 'n bose gees wat veroorsaak het dat die seun 'n ineenstorting gehad het, en dis op hierdie kêrel hier oorkant. Hy het ook pas 'n ineenstorting gehad, hy's van Georgia, hy's 'n prediker. Eerwaarde Farrell, jou ineenstorting is verby, meneer, jou senuweeagtigheid is weg. Jesus Christus maak jou gesond.

Nou, vir hierdie—vir hierdie man, ek het hom nog nooit in my lewe gesien nie, ons is totale vreemdelinge vir mekaar. Vra hom.

Was daardie goed waar, meneer? Wuif jou hand as dit waar is. Wat Hy jou ook al vertel het, die waarheid? Ek ken jou nie. Nee, meneer.

Nou, Wie is hier wat hom ken? Christus, is dit reg?

214 Sê, die man wat daar langs jou sit, ook dat jy mag glo, en weet dat ek Sy dienskneg is, nie ek nie, jy bid vir jou vrou, ook van Georgia. Hou goeie moed, dit sal alles reg wees.

"As jy glo; as jy kan glo." Glo jy? "As jy kan glo, is alles moontlik."

215 Dametjie wat hier sit en bid, met 'n—'n ruggraattoestand in die nek, net hier oorkant, jy's van Baton Rouge, Mev. Hantz, staan op. Ontvang jou genesing.

216 Ek ken nie die vrou nie, haar nog nooit in my lewe gesien nie, ons is totale vreemdelinge. As ons vreemdelinge is, wuif jou hand, Suster, sodat hulle sal weet. Hê geloof, en glo.

217 Daar's daardie Engel wat reg hier agter staan. Sien daardie Lig? Kan julle Dit nie sien nie? Dis 'n vrou wat 'n geestelike probleem het. Mev. Haynes, haar naam, Mev. Haynes, glo jy met jou hele hart. Hy sal reg wees. Aanvaar jy dit nou? Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit gesien nie.

218 'n Dame wat daar langs jou sit, wat ook bid. Sy het 'n ingewandsprobleem. Glo jy God kan vir my sê wie jy is, dame? Mev. Jackson, glo met jou hele hart.

219 Ek daag julle geloof uit. Hier, as julle mense bo in die gehoor daar agter aan die agterkant my kan hoor, julle gekleurde mense, steek julle hande op, hoog op.

220 Derde van die einde hier buite, daardie gekleurde dame ly aan ’n nierprobleem. Die een wat langs haar sit wat ook aan nierprobleme ly. Aanvaar julle julle genesing? Steek julle hande op as julle julle genesing aanvaar. Goed, gaan huis toe, Christus maak julle gesond.

221 Hê geloof en glo, moenie twyfel nie. God is hier. Julle mense in daardie stoele en goed, ek kan julle nie genees nie. Ek. . . Jy. . . Ek weet wat. . . Ek kan jou sê wat verkeerd is met jou as jy dit sal glo, spasties, polio reg in jou rug. As jy met jou hele hart glo, kan jy jou stoel beweeg, en huis toe gaan, gesond wees, as jy dit glo, maar jy moet dit glo met jou hele hart.

222 Wie is hierdie wat hier op ’n bed lê? Daardie man? Ja. Dis veroorsaak deur ’n operasie, hom laat blind word het. Dis waar. Gewasoperasie op die brein, het hom verlam, hom in daardie toestand gemaak. Ek kan nie genees nie, maar die Heilige Gees is hier. Glo julle die Engel van die Here is in die midde van die mense? Aanvaar jy Hom as jou Geneser?

223 Ons Hemelse Vader, soos ek hierdie mense vra om hulle hande op mekaar te lê en te bid, vra ek dat—dat U U Woord verder sal bevestig om dit te sê, U het gesê: “Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg. As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word.” Ek bid U, Vader, net nou, terwyl U Goddelike Teenwoordigheid met ons is, mag elke persoon wat in Goddelike teenwoordigheid is, soos ek myself voel verswak, mag U, Vader, elkeen van hulle genees, hulle laat weet dat Dit U is. “Wees nie bevrees nie, Dit is Ek,” sê die Heilige Gees, die enigste Hulpbron in die tyd van probleme.

224 Kom, almal, ontvang die balsem van Gilead, word ingeënt teen alle vrese en twyfel, ontvang die Here as julle Geneser en Verlosser, in Jesus Christus’ Naam, vra ek dit. Amen.

225 Ek beveel elke man hierbinne, en elke vrou, seun, en meisie in die Naam van Jesus Christus, Wie se Teenwoordigheid hier is, wat weet dat geen sterflike mens hierdie dinge op aarde kan doen nie, dis reg, dit moet absoluut die Gees van God wees, en ek daag enige kerkman uit om te ontken dat die Bybel nie belowe het dit sal gebeur net voor die eindtyd nie. Sien?

226 En die Bybel is vervul vanaand. Jesus Christus, die herrese Een, die Een wat julle die derde Persoon noem, is dieselfde Persoon, wat nou in ons midde is wat in ons vlees werk, soos Hy, soos God gewerk het in die vlees van Sy Eie Seun, Jesus Christus, werk in die vlees van aangenome kinders, deur Jesus Christus, soos Hy belowe het, “’n Klein tydjie, en die ongelowige sal My nie meer sien nie, nie voor die einde van die wêreld nie, maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs tot aan die einde van die wêreld.” Hier is Hy vanaand.

227 Ek wonder vanaand, in die Teenwoordigheid van hierdie groot Heilige Een, hoeveel van julle sou graag die voorskrif oor

julle uitgespreek wou hê? Wil jy graag kom en Hom aanvaar as jou Verlosser? Staan op, en gaan af met die trappe saam met ons, en word gedoop. Sal julle dit doen? Terwyl ons 'n lied sing, as julle sal, *Ek Het Hom Lief*.

228 Ek wonder of julle sal opstaan en hier opkom en staan, waar ek kan bid en hande op julle lê, dat julle die Heilige Gees mag ontvang. Dis hoe julle die Heilige Gees ontvang, is deur die oplegging van hande, die Bybel sê dit. Is julle bewus dat Christus hier is? Steek julle hand op. "Wat verhinder ons?" Filippus het vir die eunug gesê: "Wat...?" Of die eunug het vir Filippus gesê, liewer: "Wat verhinder ons? Hier is water."

229 Petrus het gesê op die Dag van Pinkster: "Bekeer julle, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die Gawe van die Heilige Gees ontvang," dis die Een wat julle hier sien werk. "Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Volg dit korrek, en vind uit wat gebeur; dis wat ek gedoen het, en dis wat gebeur het; doen jy dit, en dit sal met jou gebeur.

Ek het lief...

Met ons hoofde nou gebuig.

Ek...

230 Groot Heilige Gees, U Teenwoordigheid is hier, genesing regoor die gebou. Nou mag diegene, Here, wat sonder U is, wat nie weet wat hierdie groot Heilige Gees beteken nie, nie eers die vergifnis van hulle sondes ken nie, mag hulle nou vorentoe kom, Here, in die Naam van Jesus, vra ek.

231 Sal julle nie nou opstaan en hier in die Teenwoordigheid inkom nie? God gaan julle vra by die Oordeelsdag: "Ek het in Shreveport verskyn op daardie Saterdagaand, Ek het die Woord gepreek deur 'n ongeleerde persoon, Ek het My Woord gepreek, Ek het Myself lewendig gewys om My Woord te bevestig," en jy sal gevra word om 'n rede te gee: "waarom het jy Dit nie aanvaar nie?"

232 God seën jou, my broer. Kom net hier. God seën jou, my suster. Iemand anders? As 'n persoon nog nooit gedoop is, in Christendoop nie, daar's geen ander formule in die Bybel, nêrens nie! As jy 'n sondaar is, kom vorentoe, as jy 'n kerklidmaat is, kom vorentoe.

233 As jy nog nooit gedoop is volgens die voorskrif wat Petrus in Handelinge 2:38 uitgelê het nie, beveel ek jou voor God en die Engele: Waarom is dit dat julle my sal betwyfel as 'n profeet, wanneer ek hier staan en vir julle die waarheid vertel, en weet dat die profeet die Woord van die Here het? Dis sy Goddelike amp. Ek vertel vir julle die waarheid. Ek vra, in Jesus Christus' Naam, dat elkeen sonder waterdoop, jy besprinkel is, of watter

manier ook al, kom en versoen word met God, die voorskrif volg. “Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou; die poorte van die doderyk sal Dit nooit oorweldig nie.”

Ek het Hom lief . . .

Staan nou op jou voete en kom, sal jy?

Ek het lief . . .

Sal jy nie?

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En gekoop . . .

Kom nou! Waarom? Waarom kom jy nie? Waarom?

Sê: “My kerk glo in besprinkeling. My kerk glo iets anders.”

234 Ek vra jou: “Waarom?” volgens die voorskrif wat God gegee het, daar’s nie ’n ander voorskrif in die Bybel teenstrydig daarmee nie. As daar enigiemand is wat vir my ’n voorskrif teenstrydig daarmee kan wys vir verlossing, kom doen dit. Dis nie daar nie. Dis God se voorskrif. Waarom sal jy nie?

235 Is daar enigiemand hier wat God in hierdie orde gevolg het? Steek julle hande op. Hoeveel hier het God in hierdie orde gevolg? Miskien het julle almal.

236 As jy nie het nie, dan gaan jy gevra word by die Oordeel. Onthou, dieselfde God wat op my is, dieselfde Gees wat vir my sê om dit te vra, en om hierdie uitdaging te maak, sê nou vir my Hy sal jou vra by die Oordeel, waar jy voor môre-oggend mag kom: “Waarom het jy dit nie gedoen nie?” SO SPREEK DIE HERE.

237 Ons kan nie meer kerk speel nie. God is in ons midde. Voel julle daardie verskriklike ontsag? Is julle bewus van wat dit is? Dis die Heilige Gees wat roep, beweeg, probeer inbeweeg. Nog een keer, sodat ek seker sal wees dat geen bloed op my hande sal wees op die Dag van die Oordeel nie, onthou ek beveel julle voor God: Kom!

Ek—ek het Hom lief . . .

[Broer Branham bid vir hulle in die gebedsry, baie van sy woorde is ononderskeibaar—Red.] . . .? . . .

God, in Jesus’ Naam, mag sy gevul word met die Heilige Gees.

In die Naam van Jesus Christus . . .? . . .

In die Naam van Jesus Christus, mag hy . . .? . . .

In die Naam van Jesus Christus, mag sy gevul word met die Heilige Gees.

In die Naam van Jesus Christus, mag sy gevul word met die Heilige Gees.

In die Naam van Jesus Christus . . .? . . .

In die Naam van Jesus Christus . . .? . . .

Here God, wees genadig, gee hulle die doop van die Heilige Gees . . . ? . . .

Almagtige God, U belofte van U Woord, mag dit hierin gemanifesteer word, my broer. Mag hy die Heilige Gees ontvang. Skenk dit, Here.

Vader God, in die Naam van Jesus Christus . . . ? . . . vul my suster met U Gees.

Net so . . . ? . . . vul haar met die Heilige Gees . . . ? . . . Ek lê my hande . . . ? . . .

. . . en haar vervul met die Heilige Gees, Here . . . ? . . .

In die Naam van Jesus Christus . . . ? . . .

Vader God, in die Naam van Jesus Christus, asseblief Here, nou, soos hy kom vir sy doop, mag hy beide water en Gees hê . . . ? . . .

In die Naam van Jesus . . . ? . . .

Net so ook op my broer, mag hy ontvang . . . ? . . . hy ontvang . . . ? . . .

Mag my broer die Heilige Gees ontvang, sy geloof is tot U, totdat die dood hom uit die graf neem, in Jesus' Naam. Skenk dit, Here.

Vader God, in die Naam van die Here Jesus, mag sy ontvang . . . ? . . .

Vader God, in die Naam van die Here Jesus, mag hy die Heilige Gees ontvang . . . ? . . . al die dinge . . . ? . . .

Hemelse Vader, U Wat nou teenwoordig is, mag U die Heilige Gees op haar stuur, in die Naam van Jesus Christus.

Kom, dierbare Suster. Kom—kom reguit op, elke—elkeen nou, reg hierbo so . . . Ja, Suster.

238 Ons Hemelse Vader, deur die salwing van die Heilige Gees, mag ons suster die Heilige Gees ontvang. Soos Petrus afgegaan het, en vir hulle gebid en hande op hulle gelê en die Heilige Gees op hulle gekom het, bid ek dat, terwyl sy haar waterdoop ontvang, mag die Heilige Gees op haar kom. Ek bid, in Jesus' Naam.

239 Sal jy nou vorentoe kom? Staan net baie mooi en stil, net 'n oomblik. Goed.

240 Hemelse Vader, soos hierdie sterk, jong kêrel hier staan, mag, soos die water hom bedek, mag die Heilige Gees hom vervul. Mag hy gebruik word tot U eer, Here, dis U belofte. In Jesus' Naam. Amen.

241 Het ek een gemis, iemand? Lê hande op hulle, dis die belofte:

> *Bekeer* elkeen van julle, *en word gedoop in die naam van Jesus Christus tot die vergewing van* julle *sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

*Want die belofte kom julle toe, en julle kinders, en* hulle *wat daar ver is, almal wat die Here onse God sal roep.*

242 Dis die voorskrif. Is daar nog een voor ons hierdie gebed doen en na die bad gaan, wat nooit gedoop is nie? Nog een.

243 Barmhartige Vader, onder die salwing en oortuiging van die Teenwoordigheid van die Heilige Gees, kom hierdie man met 'n geboë hoof en hart, soos hy die waterdoop ontvang, mag hy gevul word met die Heilige Gees, in die Naam van Jesus Christus.

Suster.

244 O God, Skepper van Hemel en aarde, Bewerker van ewigdurende Lewe, en Gewer van elke goeie gawe, stuur U seën op my suster, mag sy hierdie geseënde Heilige Gees ontvang, soos sy na die water toe gaan om U opdrag te gehoorsaam. Deur Jesus Christus, vra ek dit. Amen.

245 O, wat 'n ernstige oomblik! Die—die ontsag van die Heilige Gees. Dit lyk net asof iemand Dit bedroef. Ek weet nie, miskien is dit ek, sien, want, ek—ek vertrou dis nie, want ek het 'n vreeslike stelling gemaak net 'n paar oomblikke gelede sonder om te weet, ek het selfs myself dit hoor sê, hierdie gehoor voor Jesus Christus uitgedaag dat hulle sal antwoord "Waarom?" op daardie Dag, sien. Geen verskoning nie, sien, want Hy het Homself klaar gemanifesteer deur Sy Woord, deur Sy Woord, in Sy mense, en Hy's hier; wys my êrens anders. Sien? Sien? Is dit nou al? Nog een?

246 O, kom, dierbare Suster, ja, hierdie klein tienermeisietjie. Suster met 'n direkte geloof, ek is so bly om te weet dat jy na Christus toe gedraai het, herinner my aan my eie dogtertjie, Rebekah.

247 O Here God, U kan nie laat. . .?. . .mag sy gevul word met die Heilige Gees. . .?. . .

248 Ons Hemelse Vader, die wag was die moeite werd. Ek bid dat U my suster nou sal seën, haar sal vul met die Heilige Gees soos sy U gehoorsaam, afkom. Sy wil ingeënt word teen die vrese en sorge van die lewe. Mag die Heilige Gees, die groot Serum van God, wat sonde wegneem, mag Dit in haar lewe inkom en haar regdeur haar reis lei. Deur Jesus' Naam.

Bly net daar vir net 'n oomblik, Suster.

249 Is dit klaar? Almal nou? Onthou, almal voel nou dat. . .Dink net daaraan, vriend. Ek's seker as ons regtig, net een of ander iets gehad het wat ons met ons hande kon knyp, en besef wat nou hier plaasvind! Ons is—ons is onbewus daarvan. Ek—ek sê hierdie dinge miskien in raaisels vir julle, miskien verstaan jy—jy dit nie, maar as jy, ek jou net kon laat begryp wat ek—ek—ek nou weet, wat ek nou voel, en weet wat teenwoordig is! 'n Groot

uur van besluite, hierdie kerk het by sy uur gekom, dit het gekom by sy Berg van Verheerliking in hierdie gemeenskap.

250 Dinge het plaasgevind wat nie eens ooit aan gedink is nie, maar wat lank gelede geprofeteer is sou plaasvind. Dit is die uur van besluite vir baie; ek is so bly dat hierdie kom. Dink daaraan, die groot Heilige Gees van God, wat vader Abraham daarbuite ontmoet het, het afgekom in ons midde, werk in sterflike lewens, elkeen van ons wat deur hierdie gebou loop, net presies wat Hy gesê het Hy sou doen.

251 Ons sien die groot dienste en konferensies waarvan gepraat is vyf-en-twintighonderd jaar gelede wat net 'n week of twee gelede plaasgevind het, ons sien die atoom-eeu. Ek het gisteraand 'n profesie aangehaal wat vir my gegee is destyds in 1933, van sewe dinge wat sou plaasvind: Duitsland, die Siegfried Linie, en die Presidentsverkiesing, en al hierdie ander dinge. Vyf van hulle het alreeds plaasgevind, twee oor, die koms van die beheer van 'n vrou in die Verenigde State om oor te neem, miskien 'n kerk om oor te neem om te regeer. Hou dop, dis SO SPREEK DIE HERE.

252 En toe het ek hulle 'n outomobiel sien maak wat nie 'n stuurwiel daarin nodig gehad het nie. Ek het daardie Maginot Linie gesien, in plaas van die Siegfried, die Maginot Linie elf jaar, en vir die mense gesê: dis op papier geskryf. Hy's nooit eenkeer, ek daag enige persoon uit in Goddelike teenwoordigheid, of in die wêreld, om my ooit van een keer te vertel wat die Heilige Gees ooit hierdie dinge gespreek en gesê het, dat dit nie gebeur het nie. Sien? Dis reg. O, watter uur waarin ons lewe! Wat 'n oomblik net nou, 'n stilte soos 'n dood iewers. Sien?

253 Nou, ek. . . Is daar nog een? Is daar iemand anders wat graag wil kom op hierdie oomblik, graag hiernatoe sou wou loop, en sê: "Ek het nog nooit die Heilige Gees ontvang nie, Broer Branham. Ek—ek—ek's 'n kerklidmaat, ek is nog nooit in Christendoop gedoop nie, ek is besprinkel," of oor my uitgegooi, of wat nog: "maar ek—ek wil kom volgens die manier wat die Bybel vir my sê. Ek is nie skaam nie, ek—ek—ek wil Christus hê, ek kom net nou"?

254 Ek gaan net sê, nog een keer sal ons sing, en dan onthou tot môre-oggend dan. Dan sal ons hierdie gehoor hier reg ondertoe neem. Ek dink alles is gereed, en die doopbad is gevul, en ons is gereed om in die doop in te gaan net. . .

Hier's nog een persoon. God seën jou, Suster, kom hier. Ek hou daarvan om hande op die mense te lê omdat die Bybel ons beveel om dit te doen. Kyk.

255 Hemelse Vader, mag sy die seëninge van God ontvang. Sy loop af, nou, na iets wat SO SPREEK DIE HERE is. Gee haar, Here,

die bevrediging, hierdie inenting waarvan ons op daardie manier gepraat het, Vader. Ek bid, in Jesus’ Naam.

. . . teer Jesus . . .

God seën jou.

256 Ons Hemelse Vader, ek bid dat U ook vir ons broer hierdie inenting sal gee waarvan ons praat. In die Naam van Jesus Christus, mag hy dit ontvang. Amen.

God seën jou nou, Broer.

257 Hemelse Vader op die dogtertjie, mag U . . . ? . . . in die Naam . . . ? . . .

60-1126 Waarom?
Lewe Tabernakel
Shreveport, Louisiana V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org